



HOOFSTUK 3

MAKRO KONTEKS EN LITERATUUROORSIG OOR EKSEGESE



3.1 Makro konteks

3.1.1 Josua se posisie in die Heksateug

Die rol van die makro konteks is om Josua 3 en 4 se rol en posisie in die Josuaboek, en breër literêre konteks van die Heksateug te bepaal. In die eerste plek word die verbande met ander boeke in die kanon nagegaan. Die klem val in hierdie geval op die boeke van Genesis, Deuteronomium, Numeri en Rigters om te bepaal of die boeke ook weergawes van die landsverowering bevat. Daarna fokus ek op die verhouding tussen Josua 3 en 4 en die omringende hoofstukke.

3.1.1.1 Josua en Genesis

In Genesis (12:7;15:7) maak God 'n belofte van 'n land en nageslag aan Abraham. Die landsbelofte vind by Sigem plaas. In Josua 24 maak Josua die volk by Sigem bymekaar en bevestig hy die verbond met die Here. Sigem en die landsbelofte bind die boek Josua en Genesis met mekaar. Die boek Josua realiseer en vervul die landsbelofte van Genesis. Sodoende kom daar in die boek Josua verwysings na Sigem voor (Jos 8:30-35; 24).

3.1.1.2 Josua en Numeri

Martin Noth (1972:10-16) doen 'n uitgebreide ondersoek na die rol van die Priesterskrif (P) in die boek Josua. Sy bevindinge is negatief. Hy vind geen spoor van P in die boek Josua nie, selfs nie eers in die tweede gedeelte van die boek (Jos 13-22) nie (Noth 1972:10-16). Hierdie resultate het Noth gedwing om terug te keer na Numeri en Deuteronomium, omdat die laaste spore van P in die Pentateug volgens Noth (1972:19) juis daar teenwoordig is. In Numeri is daar vertellings van voorbereidings vir 'n inbesitname van die land (Num 15; 21:21-35; 32). Noth vind P se laaste stem in Deuteronomium 31-34, waar Moses se dood beskryf word. Twee voorafgaande gedeeltes, Numeri 27:12-14 en Deuteronomium 32:48-52 kom dan ter sprake. Noth se navorsing dui daarop dat Deuteronomium 32:48-52 afhanklik is van Numeri 27:12-14. Wat Numeri 27:12-14 aanbetref, vind hy geen verwysing na Josua as besitnemer of verdeler van die land nie. Numeri 27:12-14 verwys veel eerder in die algemeen na Josua as Moses se opvolger. Sy gevolgtrekking is dat daar geen verwysing na die inbesitname van die land in P voorkom nie (Noth 1972:16). Die

detail van Noth se studie val buite die raamwerk van hierdie studie. Sy gevolgtrekking is egter belangrik.

Die laaste hoofstukke van Numeri (Num 25:6-36:13) bestaan uit geïsoleerde gedeeltes wat aan geen van die klassieke bronne behoort nie (Noth 1972:16).¹¹⁵ Noth gee toe dat dit aan P herinner, maar kan dit nie verder analiseer nie. Verder beskryf Noth (1972:11) P as die raamwerk van die Pentateug (inderdaad, die eerste en laaste woorde van die Pentateug is van P afkomstig). Wat die landsverowering aanbetref, wyk P egter van die Jahwis (J) af. Hy merk in Numeri 21 en 32 spore van 'n vroeëre vertelling van die landsverowering, maar vind geen deurlopende vertelling van Genesis tot Josua nie. Die bostaande uiteensetting dien as Noth se literêre motivering om die boek Josua afsonderlik van die Pentateug te beskou. Hierdie gevolgtrekking sou die impetus wees vir sy hipotese dat die boek Josua deel vorm van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon).

3.1.1.3 Josua en Deuteronomium

Die boek Deuteronomium speel 'n deurslaggewende rol in Noth se hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk. Noth sou Deuteronomium 1-3 en 31 voorhou as die inleiding tot die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Hierdie hoofstukke sentreer rondom 'n toespraak van Moses waarin hy die die volk oproep om aan Jahwe gehoorsaam te bly. Die res van die Deuteronomistiese Geskiedenis (Deut-2 Kon) illustreer dan hoe die volk van die Wet afgewyk het.

Mittmann (1975:178) dui egter aan dat Deuteronomium 1-3 eerder gebruik is om die boek Deuteronomium in die Pentateug te voeg. Hierdeur het hy 'n wig ingedryf teen Noth se teorie oor die inleiding van die Deuteronomistiese Geskiedswerk.¹¹⁶

¹¹⁵ Kratz (2005:108-109) beskou Numeri 26-36 as sekondêr. Wat P aanbetref, meen hy dat Num 1, 10, 11, 20:1-13-20:22-29 en 27:12-13 uit P en verdere byvoegings bestaan. Hierdie P-gedeeltes is egter sekondêr tot Ek 25-40 en Lev 1-27. Verder veronderstel dit die nié-priesterlike woestynverhaal van Num 20-24 en 27:12, asook die boeke van Deuteronomium en Josua.

¹¹⁶ Deut 1-3 vorm die kern van die debat rondom die ontstaan van die Pentateug en Deuteronomistiese Geskiedswerk. Sommige navorsers (Heckl 2004; Gertz 2006:103-124) beskou Deut 1-3 as 'n relecture van die verhaal in Numeri. Sodoende bevestig hulle 'n verband tussen die Pentateug en Deuteronomium 1-3. Römer (2007b:124-126) neem die teenoorgestelde posisie in. Volgens Römer (2007b:125) verteenwoordig Deut 1-3 die ouer bronne waarop die Num 13-14; 20:10-21; 21:10-21; 21:21-35 en Num 27 gebou is. As die gedeeltes in Deut 1-3 bloot 'n herhaling van die gedeeltes in Numeri is, is dit vreemd dat so min van die gedeeltes in Num herhaal word. So byvoorbeeld kom die

Daar bestaan ooglopende verskille tussen die boeke Deuteronomium en Josua. So byvoorbeeld lê Deuteronomium klem op 'n sentrale heiligdom (Deut 12:1-5). In die boek Josua kom daar egter verskillende heiligdomme voor (Jos 3-4: Gilgal; 8:30-35; 24: Sigem; 18:1: Silo).

Nogtans is daar verbande tussen Deuteronomium en Josua.¹¹⁷ Die volgende verbande dui die verhouding aan:

- Moses berei die volk voor om die land in te neem (Deut 1:8; 6:10). In die boek Josua (1-12) vind die inbesitname van die land plaas;
- Israel as 'n eenheid staan sentraal in albei boeke (Deut 5:1-3; 11:6; Jos 3:7; 4:14);
- Die Wet is in albei boeke van belang (Deut 31:26; Jos 1:8-9);
- Moses en Josua-figure bind die boeke aanmekaar;
- Josua se noue bande met Deuteronomium kom sterk in al die Pentateugmodelle voor (veral in die model van Eckart Otto);
- Moses se opdragte rondom die inbesitname van die land (Deut 3:12-22) word in die boek Josua (hfst 1-12) deurgevoer.

Die volgende is nog voorbeelde van temas wat in die boek van Deuteronomium sowel as die boek Josua voorkom:

- Reaksie van die Kanaänitiese volke (Deut 3:36; 4:9 / Jos 2:10-11; 9:1-27);
- Wette rondom oorlogsbuit in verband met oorlog teen ander volke (Deut 20 / Jos 9:1-27; 10:28-43; Jos 11:1-23);
- Verbrekking van oorlogswette (Deut 20) deur Akan (Jos 7);
- Teregstelling van Kanaänitiese konings (Jos 8:29) volgens die voorskrifte in Deuteronomium 21:22-23;
- Belofte van land aan Kaleb se nageslag (Deut 1:19-46) word in Josua 14:6-15 deurgevoer.

gedeelte in Num 14 waar Moses vir Jahwe smeek om nié die volk te vernietig nie, glad nie in Deut 1-3 voor nie. Om hierdie rede verteenwoordig Deut 1-3 die vroeër tradisie waarop Numeri uitgebrei het.

¹¹⁷ Römer (2000b:103) wys op nog voorbeelde wat wyer strek as die onderstaande. Die opdrag om 'n altaar op die Ebalberg te bou (Deut 11:29) word in Jos 8:30-35 uitgevoer. Verder realiseer die waarskuwing teen ongehoorsaamheid (Deut 6:12-19) in Rig 2:12-23.

Alhoewel die bande tussen Deuteronomium en Josua te sterk is om te ignoreer (Creach 2003:7), is daar tog ooglopende verskille. Alhoewel ek by Römer (2007b:81) aansluit in sy hipotese dat Josua aanvanklik by Deuteronomium aangesluit het, is vra die verskille tussen Deuteronomium en Josua na 'n nuwe benadering.

3.1.2 Josua en Rigters

Verskeie navorsers (Soggin 1972:15; Auld 1998:79) is dit eens dat Josua en Rigters verskillende weergawes van die landsverowering bevat. In Josua (3:1, 17; 4:1) neem die hele volk deel aan die intog. Rigters 1:1-2:6 vertel egter die verhaal van die landsverowering uit die konteks van die stam Juda¹¹⁸. Die boek Rigters vertel dat Israel dit nie kon regkry om die hele land te verower nie. Uit die aard van die saak is dit die verskillende weergawes van die landsveroweringsverhaal wat navorsers soos Soggin (1972:15) gedwing het om Rigters se weergawe as die (feitelik) historiese betroubare weergawe te aanvaar, naamlik dat verskillende stamme op verskillende tye die land betrek het. Nie alle navorsers stem hiermee saam nie. So fokus Woudstra (1981:10) op die feit dat Rigters 1:1 verwys na die tyd ná Moses se dood. Diegene wat glo dat Rigters 'n ander benadering tot die landsverowering voorhou, moet volgens Woudstra (1981:10) Rigters 1:1 uit die teks verwyder.¹¹⁹ Uit die staanspoor is dit moeilik om Josua en Rigters se weergawes te harmoniseer.

Terwyl sommige navorsers Rigters 1:1-2:5 as die historiese betroubare weergawe van die verowering aanvaar (Soggin 1972:15), bring die hoofstuk sekere vrae rondom historiese betroubaarheid na vore. Die meeste voorstaanders van die laasgenoemde standpunt baseer hulle standpunte op die feit dat Rigters 1:1-2:5 'n literêre eenheid verteenwoordig.¹²⁰ Hierdie gevolgtrekking is egter nie so eenvoudig nie. Inteendeel, Rigters 1 bestaan eerder uit individuele elemente wat verskillende tradisie-historiese agtergronde verteenwoordig (Auld 1998:79-101). Rigters 1:1-2:5 vertoon volgens

¹¹⁸ Rig 1:1-2-6 word as die inleiding tot die boek beskou. Die deuteronomistiese redaksies vind eers in Rig 2:6 vv plaas (Hentschel 2008:218).

¹¹⁹ Cundall (1968:21) interpreteer Rig 1:1 as die opskrif van die gedeelte. In die lig daarvan reflekteer 1:1b-2:5 dan gebeure wat in Josua se tyd afspeel.

¹²⁰ Polzin (1980:148) neem standpunt in teen 'n fragmentariese benadering tot Rigters 1. So beskou hy die woorde "ná die dood van Josua" (Rig 1:1) as 'n deuteronomistiese frase wat parallel is met "ná die dood van Moses" (Jos 1:1). Rigters is volgens Polzin nie 'n opsomming van die boek Josua nie, maar sluit by Josua aan deur te verduidelik hoekom die hele land nie verower is nie. Josua en Rigters vorm dus 'n eenheid.

Auld (1998:100-101) 'n ingewikkelde ontstaansproses.¹²¹ Auld baseer hierdie stelling veral op die feit dat daar sekere teenstrydighede in die teks voorkom. Hierdie teenstrydighede sluit die volgende in:

- **Inhoudelik:** verskillende standpunte rondom die status van die voor-Dawidiese Jerusalem (Rig 1:8, 21). Verder kom verskillende standpunte rondom die oorwinnaar van die Enakiete na vore (Rig 1:10, 20);
- **Terminologies:** sommige gedeeltes (Rig 2:2, 3, 4, 10, 18, 19) verwys na die stamme met die uitdrukking *hd'Why>*, terwyl die term *hd'Why>-ynEb* . (Rig 8, 9, 16) weer in ander gedeeltes voorkom ((Rig 8; 9; 16).

Boling (1982:69) verwys verder na die verskillende bronne en tradisies, asook die verskillende tipes literatuur. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Rigters 1:1-2:5 nie 'n histories feitlike beeld van die intog bevat nie. Volgens Boling (1975:29-38) hoort Rigters 1 tot die jongste byvoegings tot die boek Rigters. Boling beskou dit nie as 'n alternatiewe interpretasie van die landsverowering of as 'n korreksie op die landsveroweringverhaal in Josua nie. Rigters 1 is eerder 'n interpretasie en 'n oorsig van die optrede van die generasie ná Josua (Boling 1975:66).

Die vraag is of ons 'n teks wat so ingewikkelde ontstaangeskiedenis vertoon, histories as die mees betroubare weergawe van die intog kan voorhou.¹²² Twee opmerkings is hier van belang. Ten eerste is Auld se analise 'n aanduiding dat veroweringsgedeeltes nie noodwendig historiese waarde besit nie. Verskillende *teologiese* interpretasies van die veroweringsgedeeltes kan tog bestaan, naamlik Josua en Rigters.¹²³ In die tweede plek val die klem in die boek Rigters se veroweringsgedeeltes (Rig 1:1-2:6) op die stam Juda. In die boek Josua val die klem weer op die stam van Benjamin. In die afsonderlike gedeeltes vind die leser verskillende beskrywings van die landsverowering.

¹²¹ Volgens Auld (1998:92) bevat Rig 1:1-21 nie 'n vroeë historiese kern bevat nie. Hy beskou Rig 1:1-21 as materiaal wat op Josua en Rigters gebaseer is. Om hierdie rede beskou hy Rigters 1 as 'n "*late composition*".

¹²² Younger (1994:227) maak die gevolgtrekking dat Rigters 1 nie meer of minder histories betroubaar is as Josua nie. Albei is literêre weergawes van "historiese" gebeure.

¹²³ Brueggemann (2003:112) meen dat die landsverowering in Josua eerder 'n verbeeldingryke skepping ("*imaginative creation*") is. Die klem val op die funksie van die narratiewe (aanspraak op die land in die ná-eksiliese tyd) eerder as op die oorspronklike bedoeling van die verhaal.

Alhoewel beide Josua en Rigters die verhaal van die landsverowering bevat, is daar nie 'n sterk band tussen die twee boeke nie. Josua en Rigters vertel die landsveroweringverhaal uit verskillende perspektiewe. Daar bestaan egter 'n redaksionele band tussen die twee boeke, in die sin dat Rigters 2:6-10 na die dood van Moses verwys, en sodoende by Josua 24:29, 30 aansluit (2008:214). Rigters 1:1-2:5 is egter eerder 'n alternatiewe weergawe van die landsverowering as 'n opeenvolging van die landsveroweringverhaal van Josua (Auld 1998:79). Die bande tussen Josua en Rigters is dus redaksioneel van aard.

Die hipotese van 'n sekondêre band tussen Josua en Rigters word deur die LXX bevestig. Volgens die LXX speel Josua 24 by Silo af. Sodoende sluit 1 Samuel 1:9, met die klem op Silo, by Josua 24 aan. Die boek Rigters (en Rut) funksioneer dan as 'n interpolasie tussen die Josua 24 en 1 Samuel 1:9. Hiermee ontken ek nie dat dele van die boek Rigters (bv Rig 3-9) onafhanklik kon bestaan het nie. So meen Knauf (2002:278; 2006:321) dat 'n vóór-eksiliese boek van redders (Rig 3-9) by die heiligdom van Bet-El ontstaan het. Hierdie boek van redders kon moontlik as 'n oorsprongsverhaal van die Noordryk gefunksioneer het. Ek is egter oortuig dat die boek Rigters in sy finale vorm uit die ná-eksiliese tyd dateer. Die boeke Rut, asook 2 Konings 23:22, verwys na die tydperk van die Rigters. Om hierdie rede kon die boek Rigters juis dien om die verwysings na die Rigtertydperk in te kleur deur die Rigtertydperk te rekonstrueer. Hierdie argumente help om die sekondêre band tussen die boeke van Josua en Rigters te bevestig.

3.1.3 Gevolgtrekking

Die boek Josua vertoon dus die meeste ooreenkomste met die boek Deuteronomium, alhoewel daar ook belangrike verskille tussen Josua en Deuteronomium voorkom. Die verband tussen Josua en Genesis, Numeri en Rigters is op 'n redaksionele vlak.

3.1.4 Verbande met omringende hoofstukke

Die verband tussen Josua 3-4 en die omringende hoofstukke is van belang. Josua 3 beskryf hoe die volk die Jordaanrivier deurgegaan het. Josua 4 verwys na twee moontlike etiologiese elemente, naamlik klippe in die Jordaan en klippe in Gilgal.

3.1.4.1 Josua 2

Josua 2 berig die verhaal van die verkenning van Jerigo. Twee verspieters word uitgestuur en amper deur die soldate van die stad gevang. Hulle soek skuiling by 'n prostituut wat hulle help en sodoende sorg dat haar familie se lewe gespaar word met Jerigo se val.

Die basiese indeling van die verhaal in Josua 2 lyk soos volg: die uitkies, stuur en terugkeer van die spioene omraam die verhaal (vv 1, 23, 24). Hierdie verhaal word uitgebou deur drie siklusse van dialoog tussen Ragab en die spioene (2:3-5, 8-14, 16-21). Verder is daar avontuur-elemente. Die spioene beleef gevaar (2:2), word gevang en moet wegkruip (2:6-7). Daarna raak hulle in 'n ontsnappingsjaagtog betrokke (2:22) Die komposisie van Josua 2 sien so daarna uit:

2:1	Spioene gekies, uitgestuur
2:2	Spioene in gevaar
2:3-5	Dialoog: Ragab-soldate
2:6-7	Spioene kruip weg, vasgekeer
2:8-14	Dialoog: Ragab-spioene
2:15	Spioene vlug
2:16-21	Dialoog: Ragab-spioene
2:22	Spioene vlug van vervolgers
2:23-24	Spioene rapporteer terug

Die moontlikheid bestaan dat Josua 2 nie 'n kronologiese voorganger van hoofstuk 3 is nie. Hierdie moontlikheid is gebaseer op die feit dat Josua 3 direk by hoofstuk 1:11 of selfs 'n vorige narratief (Num 25:1; Deut 34:12) aansluit (Bieberstein 1995:331; 200-202, 207). Die volgende dien as verduideliking van hierdie hipotese:

Josua 1 handel oor die voorbereidings vir die deurtog deur die Jordaan, wat eers in hoofstuk 3 en 4 plaasvind. Josua 2 onderbreek hierdie vertelling. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die tydsaanduiding. Hoofstuk 1:11 stel dit duidelik dat Israel by Sittim gekamp het om oor *drie dae* die Jordaan oor te steek. Josua 2:16 stel 'n *verdere drie dae* voor. Verder is die literêre en geografiese verskille tussen Josua 2 aan die een

kant en Josua 1 en 3 aan die ander kant 'n aanduiding dat Josua 2 onafhanklik van die omringende hoofstukke bestaan het. Alhoewel hoofstuk 3:1 aan hoofstuk 2 sintakties verbind is met die tradisionele *waw*-konsekutief vorm, blyk dit dat 3:1 moontlik by 'n vorige gedeelte (bv Num 25:1 of Jos 1) aansluit. Soggin (1972:38) voer aan dat hoofstuk 2 'n weergawe van die verowering voorhou wat 'n militêre verowering uitbeeld. Verder bevat hoofstuk 2 en 6 verskillende weergawes van die val van Jerigo. Hoofstuk 2 vertoon 'n militêre weergawe, terwyl hoofstuk 6 'n kultiese herinterpretasie weerspieël (Soggin 1972:38). Josua 24:11 dien as ondersteuning van hierdie hipotese deurdat hierdie gedeelte 'n weergawe voorstel waarin Jerigo deur oorlog verower is.

Die opbou van Josua 2 is kompleks. Butler (1983:27-30) tipeer die *genre* as 'n spioenasieverhaal. Hierdie hipotese sluit nie die moontlikheid uit dat die teks 'n groeiproses ondergaan het nie.¹²⁴ Butler dui verder aan dat die teks sy oorsprong in volksverhale gehad het. Hy verwys na bekende verhale waar reisigers deur 'n vrou gehelp word (Butler 1983:28). Die Ragab-verhaal is mettertyd in die kultus opgeneem om te verduidelik hoe die land verower is. Die laaste stadium van die komposisie of redaksievorming is die spioenasieverhaal, waar die klem nié op Jerigo nie, maar op die land as geheel val. Die groei van die verhaal sien so daaruit:

- Volksverhaal (2:2-8);
- Kultiese verhaal (2:9-11);
- Spioenasieverhaal (2:1,23);

Nelson (1997:39-48) dui die groei in die verhaal soos volg aan:

- 'n *Oorspronklik onafhanklike verhaal van Ragab se verraad*. Deur vinnig op te tree, het Ragab verseker dat haar nageslag gespaar sou bly.¹²⁵ Volgens Nelson is nog 'n moontlikheid dat die oorspronklike verhaal van kliënte vertel

¹²⁴ Teenstrydighede en probleme is aan die orde van die dag in die Ragab-verhaal. In vv 6-8 is daar sintaktiese oneffenhede. Skynbare doeblette kom voor in verse vv 4, en 6. Herhalings is aan die orde van die dag in vv 10,17-20. Verder is daar gapings in die oorlewering. Ragab se gesprek met die spioene in vv 15-21 vind skynbaar plaas as hulle reeds buite haar venster hang. Die skielike verwysing na die skarlaken tou in v 18 maak ook nie sin nie. Hierdie teenstrydighede en doeblette dui op 'n komplekse redaksionele proses.

¹²⁵ Rig 1:23-26 is 'n moontlike parallel. 'n Oneerlike inwoner van die stad Lus verraai sy weg terug in die stad.

het wat 'n prostituut besoek en dan beskuldig word van spioenasie. Daarna red sy hulle. Hierdie verhaal is waarkynlik later in die raamwerk van die uitstuur van Josua se spioene geplaas. Die verhaal kon mettertyd in 'n etnologiese en etiologiese verhaal ontwikkel het. Deur haar optrede het sy haar huis gered. Die narratiewe sou 'n verklaring kon wees van 'n groep mense wat tussen die Israëliete geleef het, en wat later bekend gestaan het as “die huis van Ragab”;

- 'n *Spioenasieverhaal*. Hierdie tipe verhaal was nie onbekend in die veroweringsdeeltes nie.¹²⁶ Die doel van hierdie sendings was om inligting van die vyand in te samel. Sodoende kon die Ragab-verhaal as 'n spioenasieverhaal funksioneer. In die verhaal het Israel die stad infiltrer om inligting te bekom met die oog op die inname van die stad;
- In die konteks van 'n deuteronomistiese redaksie word die Ragab-verhaal 'n *verhaal van bekering*. Ragab erken dat Jahwe die land in die Israëliete se hande gee en sy bring eer aan Hom (Jos 2:8-11).

Op grond van die verskil in kronologie, en ideologie is dit moontlik dat Josua 2 slegs op redaksionele vlak aan Josua 3 gekoppel is. Die inhoud van Josua 2, met die klem op die buitestaanders, pas in die ná-eksiliese konteks, toe die stryd tussen die Jode en die Samaritane hoogty gevier het.¹²⁷ Ek beskou die gestolde teks van Josua 2 as 'n ná-eksiliese invoeging in die Josuaboek (Römer 2007b:134, 182). Josua 2 verteenwoordig dan 'n ná-eksiliese en téén-deuteronomistiese klem op buitestaanders wat deel van die volk Israel geword het. Voorts volg 'n uiteensetting van tekste wat

¹²⁶ Jos 7:2; Num 13; Deut 1:22-25; Rig 18:2-10.

¹²⁷ Rowlett (1997:63-72) gee 'n alternatiewe perspektief op die Josua-verhaal. Volgens hierdie benadering is dit nie 'n verhaal van heilige oorlog of verowering nie, maar eerder ideologiese verhaal oor die onderwerping aan mag en gesag, asook die gevolge daarvan. Krisistye lei tot vroeë rondom identiteit, en daar word gedifferensieër tussen *ons* en *hulle*. Die kern is dat weiering om aan gesag te onderwerp tot straf lei. So behoort Agab (Jos 7) op etniese gronde tot die volk Israel, maar sy weiering om hom aan Jahwe en sy instrument Josua te onderwerp lei daartoe dat hy en sy gesin doorgemaak word. Die teenpool is Ragab (Jos 2). Op etniese gronde behoort sy nie tot die volk nie, maar deur haar onderwerping aan Jahwe word sy deel van die groep. Dieselfde geld vir die Gibeoniete wat buitestaanders was, maar deel geword van die volk op grond van onderwerping aan Josua se gesag. Rowlett (1997:64) aanvaar die hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk, en daarom word hierdie spanning tussen groepe *ons* en *hulle* aan die tydperk van koning Josia gekoppel. Hierdie situasie kan egter netsowel by die ná-eksiliese situasie inpas, waar daar ook 'n identiteitskrisis was, veral rondom die stryd tussen die Jode en die Samaritanen.

die rol van buitestaanders beklemtoon. Die tekste dien om die ooreenkomste tussen Josua 2 en verskeie ná-eksiliese tekste aan te dui.

3.1.4.1.1 Verband tussen Josua 2 en ná-eksiliese tekste

3.1.4.1.1.1 Rut-verhaal

Zenger (2008:226; vgl ook Gerstenberger 2005:150-156) dui oortuigend aan dat die boek Rut in die ná-eksiliese tyd ontstaan het.¹²⁸ Die boek Rut demonstreer onder andere die legitimiteit van huwelike met buitestaanders, in hierdie geval die Moabiete. Verder dui die boek Rut aan hoe 'n Moabiet deel van koning Dawid se geslagslyn word. Die buitestaander Rut word op 'n positiewe manier uitgebeeld. In Josua 2 is Ragab 'n voorbeeld van iemand wat optree soos 'n ware Israeliet (Jos 2:24). Josua 2 en die Rut-verhaal is albei voorbeelde waar nie-Israeliete 'n rol in Israel se geskiedenis speel.

3.1.4.1.1.2 Jona-verhaal

Verskeie navorsers (Zenger 2008:551; vgl ook Gerstenberger 2005:150-156) plaas die ontstaan van die boek Jona in die ná-eksiliese tydperk.¹²⁹ Een van die kernmomente van die Jona-verhaal is waar God 'n profeet na die heidene stuur. Sodra die heidene tot bekering kom, spaar God hulle lewens. Die boek Jona toon 'n ooreenkoms met Josua 2 in die manier waarop die heidene soos gelowige Israeliete optree. In die Jona-verhaal is dit juis die matrose wat bid, terwyl Jona ongehoorsaam voorkom. Ragab en die Gibeoniete (Jos 9) tree in die boek Josua op soos gelowige Israeliete eintlik behoort te doen.

¹²⁸ Zenger (2008:226) gebruik die volgende argumente om die ontstaan van die boek Rut aan die ná-eksiliese tyd te koppel:

- Die boek Rut omvat 'n uitleg of *Halakah* van die losser-motief (Lev 25; Deut 25). So 'n vrye omgang met die Tora is ondenkbaar in die vóór-eksiliese tyd;
- Die klem op stamme en familiebande is moontlik 'n reaksie op die invloed van die Staat op mense se private lewens;
- Die terugkeer uit die vreemde en die geboorte van 'n kind vir die kinderlose is waarskynlik op Jes 40-66 en Klaagliedere gebaseer;
- Die betekenis van die name (bv Elimelek = My God is koning; Naomi = Jahwe is liefdevol), is 'n tipiese ná-eksiliese gebruik;
- Die klem op vrouens en vreemdelinge is ondenkbaar in die vóór-eksiliese tyd;
- Die boek Rut verwys terug na ander gedeeltes in die Tora. Rut is 'n spieëlbeeld van Sara (wat haar onvrugbaarheid aanbetref). Die boek is verder 'n reaksie op tekste soos Gen 19:30-38 en Num 25:1-18, waar Moabiete in 'n negatiewe lig uitgebeeld word.

¹²⁹ Potgieter (1991:75) beskou uitdrukkings soos *arey" ynIa] ~yIm;V'h; yhel{a/hw"hy>-ta, w>* tipies van die ná-eksiliese tyd. Ragab gebruik 'n soortgelyke uitdrukking (Jos 2:11).

3.1.4.1.1.3 Trito-Jesaja¹³⁰

Lindeque (2001:66-81) ondersoek die verband tussen die boek Josua en Trito-Jesaja (Jes 56-66). Hy identifiseer die volgende ooreenkomste:

- *Verset teen die tempel en priesters.* Die boek Josua speel by verskillende heiligdomme af (Gilgal, Sigem, Silo) en neem 'n negatiewe houding teenoor Jerusalem in (Lindeque 2001:10). Lindeque vergelyk dit met die uitsprake teen die priesters (Jes 56:9-12) en die klem op Jahwe se alomteenwoordigheid in Trito-Jesaja (Jes 66:1-2a);
- *Alle mense sal toegang hê tot die volk van Jahwe.* Volgens Jesaja 56:3-5 sal mense wat voorheen as onrein beskou is, ook deel hê aan die volk van Jahwe. Lindeque dui op die verband met die Ragab-verhaal (Jos 2; 6) en die verhaal van die Gibeoniete (Jos 9), waarin vreemdelinge deel van Jahwe se volk word;
- *Medemenslikheid is belangriker as rituele handeling.* Lindeque (2001:75) dui op die ooreenkomste tussen Jesaja 58:7 en 64:5 waar die klem op medemenslikheid val, maar ook op die Ragab en Gibeoniete-verhale in die boek Josua. In hierdie verhale word buitestaanders deel van die volk Israel op grond van hulle geloof in Jahwe;
- *Die heilstyd sal eers in die toekoms realiseer.* Trito-Jesaja verkondig reg en geregtigheid as 'n voorwaarde vir die aanbreek vir die heilstyd. In dieselfde sin verplaas Josua 13:6 die volledige inname van die land na die toekoms. Jahwe se beloftes van die inbesitname van die land sal in die toekoms realiseer;

Die bostaande dien as aanduiding van die ooreenkomste tussen die boek Josua en Trito-Jesaja.¹³¹ Ooreenkomste tussen Josua en Trito-Jesaja hoef nie te beteken dat die boek Josua in die ná-eksiliese tyd ontstaan het nie. Dit beklemtoon wel die feit dat die boek Josua hoofsaaklik in die ná-eksiliese tyd geredigeer is.

¹³⁰ Sedert Duhm (1892) onderskei navorsers tussen Proto-Jesaja (Jes 1-39), Deutero-Jesaja, (Jes 40-55) en Trito-Jesaja (Jes 56-66). Hierdie indeling vorm tot vandag toe die basis vir navorsing rondom die komposisie van die boek Jesaja (Jüngling 2008:427).

¹³¹ Hamlin (1983:xxiii) plaas die laaste jongste redaksie van die boek Josua in die konteks van 'n profetiese skrywer(s) wat ooreenkomste met Jesaja 40-66 toon. Alhoewel ek die ooreenkomste tussen die boek Josua en verskeie ná-eksiliese tekste ondersteun, is ek nie oortuig van die profetiese karakter van die boek Josua nie. Ek beskou die boek Josua in sy gestolde vorm hoogstens as téén-deuteronomisties, maar dit beteken nie noodwendig dat profetiese groepe vir die finale redaksie verantwoordelik is nie.

3.1.4.2 Josua 5:2-15¹³²

In die gedeelte vind die eerste pasga in die Beloofde Land plaas. Josua besny die manskappe as teken van die verbond. Die leerowerste van die Here verskyn aan Josua en beveel hom om sy skoene uit te trek.

Die gedeelte bestaan uit 4 afgeronde eenhede

- Reaksie op die Jordaanoorgang : (5:1);
- Besnydenis : (5:2-9);
- Pasga : (5:10-12);
- Verskyning van die goddelike kryger : (5: 13-15).

Josua 5:2-15 vertoon ooreenkomste met die Moses-verhaal. Die besnydenis en pasga het 'n rol by die uittog gespeel (Eks 12). Nou kom dit weer ter sprake by die intog. Die gedeelte oor die goddelike kryger (Jos 5:13-15) toon raakpunte met Moses. So byvoorbeeld is feit dat die kryger 'n swaard vashou moontlik 'n sinspeling op Eksodus 3 (die brandende bos) en 4:24-26 (waar Jahwe Moses wil doodmaak en Sippora hom moet besny om hom te red). Trouens, die kryger se woorde in Josua 5:15 blyk 'n direkte aanhaling van Eksodus 3:5 te wees.

Volgens Römer (2007b: 81-90) vorm Josua 5-12 deel van die eerste (Josiaanse) weergawe van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Josua 5:13-15 (verskyning van die goddelike kryger) vorm dan deel van die oorspronklike inleiding tot die landsverowering in Josua 5-12.¹³³

Josua 5:2-9 en 10-12 bevat kultiese gebruike wat moontlik in die ná-eksiliese tyd gedien het as 'n reaksie téén die deuteronomistiese konsep van een heiligdom

¹³² Tekskritiek speel 'n beduidende rol in hierdie gedeelte. Die LXX bevat 'n korter teks as die MT. Terwyl sommige navorsers die LXX as 'n meer betroubare teks beskou (Auld 1998:12; Greenspoon 1983; Tov 1986), is daar 'n argument vir die behoud van die MT (Bieberstein 1995:230). Die Qumran- geskrifte (4QJos^a en 4QJos^b) volg meestal die langer MT teks.

¹³³ Römer (2007b:87) gee toe dat Jos 5:13-14 in sy huidige vorm nie as inkeiding tot Jos 5-12 kan dien nie. Hy vind egter ooreenkomste tussen Jos 5:13 en 14 en Assiriese oorlogsverhale.

3.1.4.3 Josua 6

Uit die konteks van Josua 1-12 blyk dit asof hoofstukke 3 en 4 aan hoofstuk 6 verbind kan word deur die voorkoms van die ark (Jos 3:3, 4, 6, 8, 11, 13, 14, 15, 17; 4:5, 7, 9, 10, 11, 16, 18; 6:4, 6, 7, 8, 9, 11, 12, 13). Soggin (1972:83) formuleer die hipotese dat hierdie hoofstukke kultiese herinterpretasies van historiese gebeurtenisse verteenwoordig. Waar hoofstukke 3 en 4 die uittog en die pasga vier, is dit in hoofstuk 6 die landsverowering wat op 'n kultiese wyse herdenk word.¹³⁴ 'n Analise van hoofstuk 6 is egter ingewikkeld en kompleks.¹³⁵ So byvoorbeeld bevat die hoofstuk heilige oorlog-elemente (vv17-19, 21). Die ark speel 'n belangrike rol in die verhaal. Sommige navorsers koppel die ark direk aan 'n ou oorlog-tradisie (Butler 1983:68). Wat opval, is die feit dat Josua nie werklik 'n belangrike rol speel nie. Josua se onbeduidende rol in die narratief kan moontlik daarop dui dat Josua eers later deel van die narratief geword het. Die verwysing na die "huis van God" dui op 'n tyd toe daar reeds 'n tempel was (Butler 1983:68). Verder speel die Ragab-tradisie 'n belangrike rol in die verhaal. Die deelname van die priesters, die ark, en die pasga dui op 'n kultiese agtergrond vir hierdie gedeelte. Dit is waarskynlik die kultiese verbande wat hierdie gedeelte aan hoofstuk 3-4 koppel.

Bieberstein (1995:313) beskou Josua 6:1-5, 11a-c, 14ac, 15, 20c-g, 21a-b as deel van die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 1-6. In terme van Bieberstein se studie impliseer dit dat Josua 6:1-5, 11a-c, 14ac, 15, 20c-g, 21a-b deel van 'n vóór-eksiliese landsveroweringverhaal uitmaak. Bieberstein (1995) en Schwienhorst (1986) het Josua 6 met behulp van redaksiekritiek probeer analiseer. In die konteks van hierdie studie hoort Josua 6 (in sy oorspronklike vorm) tot 'n oorspronklik deuteronomistiese landsveroweringverhaal. Josua 3 en 4 is later (eksiliese tydperk) bygevoeg as deel van 'n eksiliese weergawe van DG. Om hierdie rede bestaan daar nie 'n oorspronklike verband tussen Josua 3-4 en Josua 6 nie.

¹³⁴ "Consequently, the historicity of the fall of Jericho in the ritual circumstances described in this chapter seems extremely unlikely; on the other hand, the existence of a liturgy including a procession is unquestionably historical" (Soggin 1972:84).

¹³⁵ Bieberstein (1995:313) identifiseer drie redaksionele lae. In die eerste plek vind hy die *Grundschrift* (A), wat ook in Jos 3 te vinde is. Verder is daar 'n redaksie rondom die priesters en die ark (B) en 'n redaksie wat die Ragab-belydenis uitbeeld (C¹). Hy vind ook ná-eksiliese redaksies (R^a en R^{chr}).

3.1.5 Gevolgtrekking

Op grond van kronologie en ideologie is daar nie 'n verband tussen Josua 2 en Josua 3 nie. Josua 2 toon 'n komplekse komposisie en dit blyk asof die teks 'n ingewikkelde groeiproses ondergaan het. Alhoewel daar heilige oorlog-terme in die verhaal voorkom (Jos 2: 9, 11),¹³⁶ bied die etnologiese karakter van die verhaal 'n belangrike sleutel tot interpretasie van die verhaal. In die verhaal van die Gibeoniete (Jos 9) speel buitestaanders of nie-Israeliete 'n belangrike rol. Die verhaal van die Gibeoniete is moontlik 'n parallel tot hierdie verhaal, want die Gibeoniete het net oos Rut van die uittoeg en Jahwe se magtige wonders gehoor (Römer 2007b:182). Op grond daarvan besluit hulle om 'n ooreenkoms met die Israeliete te maak, wat duidelik teen die bepalings van Deuteronomium 7:2; 20:16-18 indruis.¹³⁷

Rowlett (1997:63-72) brei die etnologiese invalshoek verder uit. Nog voorbeelde van hulp aan buitestaanders is te vinde in die landsverdeling. Sy dui aan dat Kaleb volgens Josua 14:6, 14 'n Kennasiet was. Nogtans het hy deel van die grondgebied gekry. Kennasiete kan moontlik met die Edomiete verbind word.¹³⁸ Die omstandighede wat hierbo geskets word, kan maklik by die ná-eksiliese tyd inpas, toe die stryd tussen die Jode en die Samaritane hoogty gevier het.

Kultiese motiewe bind Josua 3 en 4 met hoofstuk 5:1-15. Josua 5:15 interpreteer spesifieke elemente van die Moses-verhaal. Die klem op die kultus dui moontlik op 'n ná-eksiliese komposisie. Die pasga en Massot-feeste is eers in die ná-eksiliese tyd gekombineer. In deuteronomistiese literatuur bestaan die pasga nog uit twee afsonderlike feeste (vgl 4.5.2.3.1). Josua 3-4 en 5:1-12 is dus redaksioneel aan mekaar verbind, en volg nie kronologies op mekaar nie.

Josua 6 is deel van die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 1-6, wat op sy beurt by 'n breër landsveroweringsverhaal (Eks; Num; Jos) aansluit. Soos in die geval van

¹³⁶ ~k, t . m; yae en sM; YIw : is bekende heilige oolog-terme (Nelson 1997:45).

¹³⁷ Mullen (1993:95) beskou die boek Josua as deel van die Deuteronomistiese Geskiedenis. Tog is daar vir hom gevalle waar die grense wat in Deuteronomium vasgestel is, aangepas word. Dit is veral ter sprake waar etniese inklusiwiteit en eksklusiwiteit na vore tree, soos in Jos 2 waar Ragab as buitestaander gered word.

¹³⁸ Die treffende hiervan is dat Moses reeds die ooreenkoms met Kaleb aangegaan het. Josua het dus in hierdie geval nie teen Moses se bepalings opgetree nie.

Josua 3 is die oorspronklike verhaal van Jerigo in die eksiliese en ná-eksiliese tyd uitgebrei deur ingewikkelde redaksionele prosesse. Die gestolde teks van Josua 6 bestaan dan uit 'n oorspronklike landsveroweringsverhaal met uitbreidings.

3.2 Literatuursoorsig oor eksegesi

Die volgende dien as uiteensetting van die verskillende benaderings tot Josua 3 en 4. In die eerste plek bespreek ek die literêre benaderings. Die klem val hier op 'n sinchroniese benadering tot die teks. Daarna kom die Histories-Kritiese benadering(s) aan die beurt. Die klem val in hierdie geval op die diachroniese benadering tot Josua 3 en 4.

3.2.1 Literêre benadering

3.2.1.1 R. Polzin

3.2.1.1.1 Inleiding

Polzin (1980:9) grond sy benadering op die hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk wat van Deuteronomium tot 2 Konings strek. Verskeie navorsers het die teenstrydighede in die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (DG) probeer verklaar deur fyner onderskeidings in die DG aan te dui (vgl die blokkemodel en die gelaagte model). Polzin verklaar egter die verskille en teenstrydighede op suiwer literêr-kritiese gronde. In sy studie lê hy klem op literêre aspekte soos ruimtelike, fraseologiese en psigologiese komposisies om die verskille en teenstrydighede in die teks aan te verklaar.

Polzin (1980:3) neem posisie in teenoor die Historiese Kritiek. Omdat hy groot gedeeltes van die Bybel as literêre kunswerk beskou, is die soeke na betekenis deur middel van historiese metodes vir hom nié van belang nie. Polzin (1980:9) interpreteer die DG as 'n literêre eenheid. Op grond van 'n struktuur-analitiese benadering deel hy die hele DG op in *gerapporteerde rede en rapporterende rede*. Die *gerapporteerde rede* is waar Moses direk met God praat. Hierdie gedeeltes omvat veral beloftes wat God aan Moses maak. Daarna word hierdie beloftes vervul in die sogenaamde *rapporterende redes*. Die boek Deuteronomium bevat hoofsaaklik profetiese woorde, terwyl Josua tot 2 Konings die uitvoering daarvan

verteenwoordig.¹³⁹ Polzin identifiseer verskillende narratologiese invalshoeke wat op die teks inspeel. So teken elke boek in die Deuteronomistiese Geskiedswerk die goddelike spraak en menslike respons op 'n ander manier. Die Deuteronomistiese Geskiedswerk is dus 'n monoloog. Dit beteken dat die hele ideologie van die boek uit een hoek voorgehou word. God het iets vir die volk gesê en dit het so gebeur. God is die hooffiguur, tesame met die profete wat sy woorde aan die mense oordra. Volgens Polzin (1990:18-24; 205-212) is daar egter nie net *een* toespraak van God nie. Dit skep dieselfde dilemma wat die navorsers gedwing het om 'n blokkemodel of gelaagde model in die Deuteronomistiese Geskiedswerk te vind.¹⁴⁰ Volgens Polzin is die eerste taak van die eksegeet om die verskillende stemme in 'n teks te isoleer, en om sodoende uit te vind watter stemme ondergeskik of selfs verskillend van die primêre ideologiese standpunt is.¹⁴¹

3.2.1.1.2 Josua

As hy die boek Josua bespreek, erken Polzin (1980:73) dat die boek Josua anders daar uitsien as Deuteronomium. Waar Deuteronomium meestal bestaan uit *gerapporteerde rede* bestaan, bestaan Josua net uit 'n *narratief*. In die boek Deuteronomium staan Moses se toespraak aan die volk sentraal. Die boek Josua vertel die verhaal van die intog in Kanaän in die vorm van 'n *narratief*. In sy bespreking van Josua 3 en 4 verwys hy eers na die mislukking van die meeste navorsers om die teks te verklaar. Vir Polzin (1980:93) is die groei en ontstaan van die teks nié van belang nie. Die immanente teks is die fokus van sy studie. Hy sonder Josua 3:1-5:1 as kultiese *narratief* uit. Die kultiese *narratiewe* in die boek (3:1-5:1; 6:1-17; 8:30-35), asook die grootste gedeelte van 13-21 en 24:1-28) speel 'n beduidende rol in die boek. Hierdie

¹³⁹ Dit sluit aan by Von Rad (1966b:208-9): "It has long been emphasized that the basic viewpoint of the Deuteronomist is that system of prophetic prediction and its exactly observed fulfillment which pervades the whole work of the writer".

¹⁴⁰ "Therefore the possibility exists that, whatever may be the obvious monologic composition of the Deuteronomistic History taken as a unity, a closer reading of the text may reveal a hidden dialogue between competing voices within the various utterances of God both in themselves and as interpreted by the Deuteronomic editor" (Polzin 1980:22).

¹⁴¹ Hier beweeg Polzin op dieselfde terrein as die wat die gelaagde of blokkemodel aanhang. Polzin kritiseer die historiese kritiek en sy aanhangers vir die "historical critical obfuscation that are an embarrassment to their hermeneutical aims" (Polzin 1980:91). Nogtans bly sy model ook net 'n poging om die "verleentheid" van teenstrydighede te verklaar.

gedeeltes is “*framing devices*” wat volgens Polzin (1980:93) die ideologiese perspektiewe van die boek beïnvloed.¹⁴²

Volgens Polzin se benadering speel die kultiese narratief `n belangrike *semantiese* rol. Aangesien Polzin teen die Histories-Kritiese benadering tot die teks gekant is, beskou hy Josua 3:1-51 as `n literêre eenheid. Hy skryf die teenstrydighede in die teks aan verskillende temporele invalshoeke toe.¹⁴³ Polzin verduidelik die aanwesigheid van verskillende temporele invalshoeke deur Josua 3 en 4 in die volgende elemente te verdeel:

1. Reis van Sittim na Jordaan;
2. Beweeg na rivieroewer;
3. Priesters wat die ark dra sit voet in die rivier;
4. Die natuurwonder (waters bondel saam);
5. Die volk sit voet in die rivier;
6. Die priesters gaan staan in die middel van die rivier;
7. Die volk stap deur die rivier;
8. Josua rig 12 klippe by Gilgal op;
9. Josua rig nog 12 klippe op in die middel van die Jordaan;
10. Die priesters met die ark kom uit die Jordaan
11. Die waters keer terug soos wat dit was.

Volgens Polzin se benadering bevat Joshua 3 en 4 verskillende episodes. **Episode 1** (Jos 3) sluit elemente 1-7 in. In **episode 2** (Jos 4) word die gebeure rakende element 8 beskryf. Hierdie 2 episodes omvat dus elemente 1-8 in `n eenvoudige kronologiese patroon, met die uitsondering van **3:12** (die opdrag om 12 manne te kies) wat eers in

¹⁴² “By describing the same or similar events, now ritually, now nonritually, the author presents us with mutually complementary points of view of his main topic, the various stages in the occupation of the land, and their implications for an adequate understanding of how the word of God is to be interpreted” (Polzin 1980:93).

¹⁴³ Die teenstrydighede is ooglopend: Josua gee opdrag dat 12 man uit die stamme gekies moet word (3:12), nogtans is dit eers in 4:2-3 dat God dit beveel. Tweemaal word genoem dat die volk deur die rivier getrek het (3:17-4:1). In 4:10-11 word genoem dat die volk uiteindelik die rivier oorsteek. In hoofstuk 4:19-20 kom die volk op uit die Jordaan en slaan kamp op by Gilgal, waar 12 klippe opgerig word. In 4:8 word die klippe egter in die kamp neergesit. In 4:11 word verduidelik hoe die priesters die rivier deurgaen, maar 4:15-18 vertel van Josua se opdrag aan die priesters om die rivier deur te gaan.

episode 2 (element 8) ter sprake kom. Josua **3:12** loop die gebeure vooruit en koppel die eerste twee episodes aanmekaar. `n **Derde episode** (die oprig van twaalf klippe in die Jordaan en die deurtog) kom in **4:9-14 voor**. Alles in hierdie episode vind tussen elemente 5 en 10 plaas. So byvoorbeeld verwys **4:12** (die deurgang van Ruben en Gad en die halwe stam van Manasse) na element 5, terwyl element 10 **in 4:11** (die hele volk wat deurtrek en die priesters wat volg) voorkom. Die temporele grense van die derde episode strek wyer as die van die vorige episode. Net soos **3:12** (die opdrag om 12 manne te kies) as `n vooruitskouing funksioneer, antisipeer **4:9-12** die voltooiing van die deurtog (elemente 10 en 11). Verder is **4:11** (element 7: die volk wat deurtrek) `n vooruitskouing van die vierde episode (element 10: die priesters wat uit die water kom). Die **vierde episode (4:15-18)** bevat elemente 10-11, wat logies opmekaar volg. Die vyfde episode (4:20-24) verwys weer na element 8 (12 klippe by Gilgal) wat oorspronklik deel van die tweede episode was. Polzin dui aan dat Josua 3 en 4 uit afwisselende temporele invalshoeke bestaan. Probleemverse soos **3:12 en 4:11** word aangedui as merkers in die teks om sekere sake te beklemtoon. Polzin verklaar die literêre- historiese probleem, wat ontstaan as die volk deur die Jordaan trek (**3:17-4:1**), en later nog nie deur is nie (**4:10-11**), soos volg: In 3:17 is die hele volk nog *besig is* om deur te trek (~yrIb. [o laer'f.yI-lk'w>) Die vers eindig waar almal *deurgetrek het* (rbo []l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[;). Die wisseling tussen die twee werkwoordvorme (perfektum en imperfektum) is vir Polzin belangrik.¹⁴⁴ Die hele nasie het die Jordaan deurgegaan, maar op `n literêre vlak handel die hoofstuk oor verandering en vloeibaarheid (Polzin 1980:98).

Die teenstrydigheid van die volk wat reeds deurtrek (3:17-4:1) en later klaarblyklik nog nie deur is nie (4:10-11) is volgens Polzin `n literêre tegniek. Die oënskynlike teenstrydigheid funksioneer om die verhaal uit verskillende hoeke te vertel. In hoofstuk 4 (waar die volk nog nie deur is nie) val die klem juis op immobiliteit. Die stilstaande ark het gelei tot die plasing van die 12 klippe in die rivier. Die deurtog deur die rivier (*“the mobility of the people”*) berus op die immobiliteit van die ark en die priesters. Polzin probeer om die stilstaande ark en die mobiliteit van die volk

¹⁴⁴ “The form of the imperfective aspect is opposed to the form of the perfective aspect mainly in terms of the observer’s position in relation to the action..[The] imperfective form gives it the affect of extended time; it invites us to place ourselves, as it were, in a synchronic relationship to the action, and to become witnesses to it...In other words, the opposition of these two aspectual forms on the plane of poetics, emerges as the opposition of the synchronic and the retrospective positions of the author” (Uspensky 1973:75).

teenoor mekaar af te speel. Die feit dat die reis van Sittim na Gilgal met soveel episodes en verskillende invalshoeke vertel word, beklemtoon juis vir Polzin dat die verteller vryheid toepas om die verhaal vanuit sy eie ideologiese hoek te vertel.

Polzin se klem op temporele invalshoeke is 'n poging om die eenheid en struktuur van Josua 3 en 4 te verseker. 'n Redaksie-kritiese benadering sal eerder die kronologiese probleme aan verskillende redaksies of uitbreidings toeskryf. Polzin kies eerder vir 'n komplekse struktuur van verwisselende temporele invalshoeke. Sy metode kom egter geforseerd voor. Ek is nie oortuig daarvan dat 'n westerse literêre verklaring genoegsame antwoorde vir die kronologiese probleme van Josua 3 en 4 bied nie.

3.2.1.1.3 Ruimtelike komposisie van Josua 3:1-5:1

Polzin (1980:99) gebruik die sogenaamde *gerapporteerde rede* van **4:1-8** om ruimtelike veranderinge in karakters se spraak aan te dui. In **4:3** gee God die opdrag dat die klippe van die middel van die rivier na die kamp geneem moet word. Uit die teks blyk dit asof God vanuit die ark in die middel van die Jordaan praat. Die belangrike is dat Josua die opdrag moet gee terwyl hy in die middel van die Jordaan staan, nadat hy en die priesters hulle posisie aan die oostekant van die rivier verlaat het (**4:1**). Uit die woorde van die Here is dit duidelik dat Josua en die 12 manne saam met die priesters sal wees wanneer Josua die bevel gee om die 12 klippe by Gilgal op te rig. Die uitdrukkings soos “*van hier*”, “*van die middel van die Jordaan*” en “*waar die priesters se voete staan*”, asook die verdere uitdrukking “*neem dit saam met jou*” illustreer dat Josua en die mans alreeds in die droë rivierbedding is. Wanneer Josua egter vir die priesters die opdrag gee om voor die ark uit te trek (“*trek uit voor die ark van die Here julle God tot binne in die Jordaan*” !Der>Y:h; %AT-la, ~k,yhel{a/hw"hy> !Ara] ynEp.li Wrb. [bevind hy en die manne hulle aan die oostekant van die oewer. Alhoewel Josua die bevel van God nakom, doen hy dit vanuit 'n ander ruimtelike posisie as wat verwag is. Met ander woorde: God praat met Josua in **4:2-3** asof hy reeds in die middel van die Jordaan is (terwyl hy nie is nie), en Josua praat in **4:5-7** vanaf die oesoewer, nadat hulle die rivier oorgesteek het. In **4:8** het die 12 manne Josua se opdrag uitgevoer, maar geen melding word gemaak van die feit dat hulle van die wesoewer na die middel van die Jordaan beweeg het nie. Hier word teruggekeer na die geïmpliseerde ruimtelike posisie van **4:2-3**. Polzin gebruik hierdie

skuiwe in ruimtelike posisie om die volgende gevolgtrekking te bereik. Episodes 1-3 (**3:1-4:14**) vertel die verhaal van die intog vanuit 'n posisie *buite* die beloofde land. Episodes 4 en 5 (**4:15-5:1**) verwys nooit na die deurgang deur die Jordaan nie, maar wel na die opkoms uit die Jordaan. Die laasgenoemde episodes beskryf die deurgang van die Jordaan uit die posisie van 'n nie-Israeliet, wat 'n toeskouer van die gebeure is.

Weereens kies Polzin vir 'n komplekse verklaring van Josua 3 en 4. Die onsamehangende deurtog word tog as 'n literêre eenheid verklaar. Polzin bewys dat die leser se subjektiewe benadering tot 'n gegewe teks die verklaring van die teks beïnvloed.

3.2.1.1.4 Psigologiese komposisie van Josua 3:1-5:1

Die psigologiese houding van die karakters word van buite (deur ander karakters) of van binne (deur die stem van die verteller) beskryf. Polzin (1980:102) verwys na die mobiliteit van die volk en die immobiliteit van die priesters as belangrike verwysingspunte. Die ruimtelike invalshoeke is reeds breedvoerig bespreek. Hiervolgens vind daar in **4:15 ev** 'n belangrike skuif plaas. Hierdie skuif word deur Polzin as 'n *psigologiese* skuif getipeer. Hy gebruik die volgende as voorbeeld. In hoofstuk **3:7** belowe Jahwe dat hy Josua sal groot maak in die oë van die volk. Hoofstuk **4:14** dien as vervulling van hierdie belofte. Die vervulling van die belofte vind egter plaas nog voordat die priesters met die ark uit die Jordaan opkom. Eintlik sou dit meer logies gewees het as dit ná die natuurwonder (nadat die waters teruggekeer het) plaasgevind het. Volgens Polzin is dit 'n voorbeeld van 'n eksterne verteller wat die psigologiese toestand van die "hele Israel" saamvat. Hoofstuk **5:1** beskryf die interne bewuswording van die landsbewoners: "*het hulle harte versmelt*" (ב'ה'ח'אל{w> ב'ב'ל. SM;YIw:) asook "*het hulle moed verloor voor die kinders van Israe*" (ynEP.m x;Wr dA[laer'f.yI-ynEB.). Hierdie verwysing na die landsbewoners wat moed verloor voor Israel is vir Polzin 'n logiese gevolgtrekking van episodes 4 en 5, wat die intog uit die oogpunt van die landsbewoners beskryf.

Die oprigting van die klippe as gedenkstone is nog 'n voorbeeld van die psigologiese invalshoek van die verhaal. Die klippe is 'n getuigskrif van 'n wonderwerk en dit

beskryf die psigologiese impak van die wonder op die Israëliete (4:7). Josua 4:24 gee 'n alternatiewe betekenis vir die oprigting van die gedenkstone, naamlik dat die natuurwonder 'n teken vir al die nasies is dat God 'n magtige God is. Die vraag word in albei gevalle deur Israëliete gevra, en die antwoord het betrekking op die Israëliete. Sodoende vertel die boek Josua die verhaal van die deurtog in terme van Israel self (interne invalshoek). Nogtans word die impak van die deurtog op die ander volke (eksterne invalshoek) ook vertel.

Die vraag is of 'n komplekse westerse benadering genoegsame verklaring vir die teenstrydighede in Josua 3 en 4 bied. 'n Redaksie-kritiese verklaring sou meer relevant wees, omdat Josua 3 en 4 komplekse redaksionele groei vertoon. Polzin is so gedetermineerd om die eenheid van die teks te behou, dat hy eerder vir literêre tegnieke as redaksionele verklarings vir teenstrydighede soek.

3.2.1.1.5 Fraseologiese komposisie van Josua 3:1-5:1

Polzin (1980:104) versonderstel dat die fraseologiese samestelling van Josua 3:1-5:1 die deuteronomistiese struktuur van belofte-ervulling volg. In die teks kom verskillende vorme van die belofte-ervulling skema voor. Polzin noem dat daar soms 'n bevel gehoorsaam word. God beveel vir Josua om die mense te beveel, en Josua voer dit uit. Josua se bevel is dus die gehoorsaam en vervulling van God se bevel. Nog 'n variasie van die belofte-ervulling skema is waar 'n stelling in die teks iets in die *gerapporteerde rede* antisipeer en vooruitskou. 3:1b is hiervolgens 'n vooruitskouting van die hele deurtog deur die Jordaan. Vers 3:12 (die opdrag om 12 man te kies), is 'n vooruitskouting van 4:1-8, 19-5:1 (die oprigting en betekenis van die 12 klippe in Gilgal en die Jordaanrivier). Vers 4:11 (waar die volk deurtrek) is op sy beurt ook 'n vooruitskouting van 4:15-18 (waar die hele volk deurtrek).

Polzin beklemtoon die rol van *prolepsis* of vooruitskouting. Daar is egter redaksie-kritiese moontlikhede, maar Polzin ignoreer dit. Die belofte-ervulling skema is egter relevant. Nogtans oorbeklemtoon Polzin die belofte-ervulling skema wanneer hy dit met *prolepsis* verbind, byvoorbeeld as hy Josua 3:12 en Josua 4:1-8, 19-5:1 in terme van *prolepsis* as belofte én vervulling interpreteer.

3.2.1.1.6 Gevolgtrekking

Soos in die vorige paragraaf aangedui, vind daar bepaalde veranderinge in Josua 3 en 4 op ruimtelike, psigologiese, en fraseologiese terreine plaas. Polzin dui aan dat hoofstuk **3:1-4:14** 'n ander ruimtelike en psigologiese hoek veronderstel as **4:15-5:1**. Hierdie veranderings het 'n bepaalde impak op 'n ideologiese vlak. Polzin sinspeel op die verhouding tussen beweging en stilstand. So byvoorbeeld kan die 12 klippe as herinnering aan die deurtog deur die Jordaan, nie bestaan het as dit nie was dat die volk in die droë rivierbedding beweeg het nie, want die mense sou nie weer kon beweeg as dit nie was dat die priesters staande gebly het nie. Die ark gaan eerste in die rivier, met die volk wat volg, maar die volk kom eerste anderkant uit, met die ark wat volg. Uit die konteks is dit duidelik dat die ark nie die Jordaan verlaat het voordat al die bevele gehoorsaam is nie (**4:10**). Die stabiliteit van die ark verteenwoordig hier vir Polzin die vervulling van die woord van God. Hierdie belofte-vervulling skema kom weereens na vore wanneer Polzin in die 12 klippe in die middel Jordaan plaas. God het nooit so 'n bevel aan Josua gegee nie. Polzin interpreteer dit as 'n teken dat God se woord moet verander en vloeibaar bly in terme van uitleg en interpretasie.

Die meeste eksegete worstel met die tekskritiese probleme in Josua 3 en 4 (Butler 1983:41; Nelson 1997:55). Polzin verdoem die Histories-Kritiese analise van die teks, veral omdat die Histories-Kritiese eksegete volgens hom die teks versnipper. Sy kritiek teen die Histories-Kritiese benadering ten opsigte van van die Deuteronomistiese Geskiedswerk is egter van belang. Polzin beskou die blokkemodel, en gelaagde model as 'n stap in die verkeerde rigting. Nogtans is sy uitgangspunt van die Deuteronomistiese Geskiedenis as literêre eenheid 'n poging om die verskille in die teks te harmoniseer. Die manier waarop Polzin die teks se samehang probeer afdwing, is nie 'n voldoende oplossing vir die verskeie probleme nie. Hy probeer om teenstrydighede in die teks te verklaar deur van westerse literêre metodes gebruik te maak. Om sekere probleemgevalle as vooruitskouings te tipeer, en om die beweging-stilstand ideologies te probeer verwoord, is onoortuigend. Polzin probeer hard om die literêre eenheid van die teks te bewys. Wanneer die teks se eenheid in gedrang kom, gebruik hy terme soos *verskillende stemme* en *gerapporteerde en rapporterende rede* om sin te maak van die teenstrydighede.

Polzin se benadering tot Josua 3 en 4 word oorheers deur 'n poging om die teks se eenheid te bewys. Hy soek eerder komplekse westerse literêre tegnieke as om die teks as die produk van redaksionele prosesse te verklaar. Ek is oortuig daarvan dat die kronologiese en literêre probleme in Josua 3 en 4 eerder 'n Histories-Kritiese benadering tot die teks vra.

3.2.1.2 B. Peckham

3.2.1.2.1 Inleiding

Peckham baseer sy benadering op die hipotese van 'n deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk. Die verskille en teenstrydighede in Josua 3 en 4 is volgens Peckham se benadering die resultaat van verskillende deuteronomistiese redaksies. In Josua 3 en 4 skep Peckham 'n literêre struktuur waarmee hy die teenstrydighede en probleme in die teks probeer verklaar.


3.2.1.2.2 Struktuur

Peckham (1984:413-431) identifiseer twee redaksies van die Deuteronomistiese Geskiedswerk.¹⁴⁵ Hy volg Cross (1975) en Nelson (1981) in sy hipotese van 'n dubbele redaksie van die Deuteronomistiese Geskiedswerk. Wat sy benadering egter uniek maak, is dat Peckham deuteronomistiese redaksies vanaf Genesis tot 2 Konings uitlig. Die tweede deuteronomistiese redaksie (Dtr²) herïnterpreteer en korrigeer die eerste (Dtr¹). Volgens hierdie benadering verteenwoordig Josua 3:5, 10b en 16b die eerste redaksie (Dtr¹). Die res van Josua 3 en 4 val onder Dtr². 'n Herhalende opsomming (3:17b en 4:1a) !Der>Y:h;-ta, rbo[]l; yAGh;-lK' WMT;-rv,a] d[; (tot die hele volk deur die Jordaan is-3:17) en !Der>Y:h;-ta, rAb[]l; yAGh;-lk' WMT;-rv,a]K; yhiy>w: (nadat die hele volk deur die Jordaan is: 4:1a) bind Josua 3 en 4 aan mekaar. Elke hoofstuk bestaan uit vier perikope. In hoofstuk 3 lyk die indeling van die onderskeie perikope soos volg: **A** (3:1-5), **B** (3:6-10), **C** (3:9-13), en **D** (3:14-17). Elkeen van die vier perikope van hoofstuk 4 is aan 'n ooreenstemmende perikoop in hoofstuk 3 gekoppel:

¹⁴⁵ Hier volg hy Cross (1975) en Nelson (1981). Wat sy benadering uniek maak, is dat Peckham die deuteronomistiese redaksies vanaf Genesis tot 2 Konings aandui, en dat hy meer tekste aan Dtr² toeskryf as Cross en Nelson.

- **A (3:1-5) = A' (4:20-24)**: Voorbereiding vir die deurtog en die voltooiing van die deurtog;
- **B (3:6-8) = B' (4:14-19)**: Belofte en vervulling dat Josua aansien in die volk se oë sou kry;
- **C (3:9-13)=C'(4:1-9)**: Opdrag om 12 manne aan te wys en die vervulling van die opdrag om klippe in die Jordaan te pak;
- **D (3:14-17)=D' (4:10-13)**: Priesters neem die leiding in die deurtog deur die Jordaan.

Die volgende diagram illustreer die verhouding tussen die afsonderlike perikope in hoofstuk 3 (Peckham 1984:419). Verder dui die diagram elke perikoop (in hoofstuk 3) se verhouding met 'n ooreenstemmende perikoop in hoofstuk 4 aan.



Elke perikoop in hoofstuk 3 vertoon 'n duidelike patroon. 'n Bepaalde tema word aangeraak, die tema word in die rede geval deur 'n ander tema, en dan word die eerste tema voortgesit. Die hele hoofstuk word omraam deur 'n *inclusio*. Hoofstuk 3 sien soos volg daaruit:

- **3:1-5** is 'n toespraak deur Josua aan die Israeliete. Die toespraak bevat 'n ander gesprek wat hy met die offisiere voer (**3:2-4**);

- **3:6-8** bevat instruksies aan die priesters wat Jahwe se belofte aan Josua insluit (**3:7**);
- **3:9-13** bevat die voortsetting van Josua se toespraak aan die mense (**3:9-11, 13**), maar dit word onderbreek deur die opdrag om twaalf manne te kies (**3:12**);
- **3:14-17** beskryf die natuurwonder, maar bevat ook die stelling dat die hele volk deur die Jordaan getrek het.

Hoofstuk 4 brei uit op temas wat in hoofstuk 3 bespreek is. Die afsonderlike perikope volg logies op mekaar, en bevat ook 'n *inclusio*.

- **4:1-3, 8-9** bevat 'n opdrag van Josua aan twaalf manne wat herhaal word, en 'n interpretasie daarvan (**4:4-7**). Die opdrag verklaar Josua se tweede toespraak aan die volk (**3:9-13**);
- **4:10-13** vertel van die oorgang (**4:11-12**) en samehang tussen die deurtog en die natuurwonder (**3:14-17**);
- **4:14-19** beskryf die einde van die oorgang, en verklaar hoekom die priesters nou oorbodig geword het (**3:6-8**);
- **4:20-24** interpreteer die deurtog en verduidelik Josua se eerste toespraak met die volk (**3:1-5**).

3.2.1.2.3 Tematiese samehange

Elke perikoop in hoofstuk 3 is verbind met 'n volgende perikoop, sodat dit 'n geheel vorm. Verder is dit ook verbind met 'n perikoop in hoofstuk 4. Tematies kan die verbande soos volg uiteengesit word:

In Josua 3 kom die volgende verbande tussen die onderskeie perikope voor:

- **A (3:1-5)** bevat 'n toespraak deur Josua wat uitgebrei word in **C (3:9-13)** en verduidelik word in **A (4:20-24)**;
- **B (3:6-8)** handel oor die priesters. Die opdragte word uitgevoer in **D (3:14-17)** en verklaar in **B (4:14-19)**;
- **C (3:9-13)** verwys na die ark, wat in Josua 3:2-4 voorkom en in **C (4:1-9)** verklaar word;

- **D (3:14-17)** verklaar die rol van die priesters tesame met **B (3:6-8)**. Die rol van die priesters speel weer 'n rol in **D (4:10-13)**.

In Josua 4 sien die verbande tussen die afsonderlike temas van hoofstuk 4, asook die verbande met die paralelle temas in hoofstuk 3 soos volg daarna uit:

- **C (4:1-9)** verwys na die twaalf manne van **C (3:9-13)** en die twaalf klippe kom ter sprake in **A (4:20-24)**;
- **D (4:10-13)** brei uit op die deurtog van die Jordaan (**D:3:14-17**) en word gekoppel aan **B (4:14-19)**, waar die klem van Jerigo na Gilgal verskuif;
- **B (4:14-19)** neem die priesters van Jerigo na Gilgal, waar hulle gestaan het vir die deurtog (**D-4:10-13**) en dit omsluit die belofte van Josua se leierskap (**B:3:6-8**);
- **A (4:20-24)** interpreteer die deurgang deur die waters (**C:4:1-9**) en beskryf die wonders van Jahwe (**A:3:1-5**) deur na die Rietsee-wonder te verwys.

3.2.1.2.4 Grammatikale verbande

Die grammatikale verbande tussen die temas in hoofstuk 3 lyk soos volg:

In hierdie gedeelte poog ek om die samehang tussen die onderskeie perikope in Josua 3 te verduidelik. Die klem val op die grammatikale samehang van die onderskeie perikope van Josua 3.

3:1-5 bevat drie paranetiese opmerkings. In hoofstuk 3:1 vind ons 'n poging om die sinsnede *laer'f.yI ynEB.-lk'w>* (*en al die seuns van Israel*) die voorwerp van die meervoudswerkwoorde te maak.¹⁴⁶ Peckham (1984) verklaar dit as 'n vorm van *prolepsis*. Sodoende verwys dit na die tweede toespraak aan die volk (*laer'f.yI ynEB.*). Die tweede paranetiese opmerking *~yaif.nO ~YIwIl.h ~ynIh] Koh;w>A tao* (*die priesters, die Leviete wat die ark dra*) bring die Levitiese

¹⁴⁶ Die moonlikheid bestaan die uitdrukking *laer'f.yI ynEB.-lk'w>* (*en al die seuns van Israel*) 'n latere byvoeging is om die spanning tussen die meervoudswerkwoorde en die persoon van Josua te verklaar. Die LXX bevat nie die bostaande uitdrukking nie.

priesters in die verhaal.¹⁴⁷ Op die oog af lyk dit asof hierdie verwysing die toespraak met die offisiere in die rede val. Nogtans is dit die logiese tema van die volgende gedeelte (3:6-8). Die derde paranetiese gedeelte hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K. Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; wyl'ae Wbr>q.Ti-la; (*daar moet 'n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees*) skei die ark van die volk. Weereens blyk dit asof die gedeelte nie heeltemal in die konteks pas nie.¹⁴⁸ Die opdragte aan die offisiere (3:2-4) onderbreek die opdragte van Josua aan die volk.

Josua se toespraak met die offisiere omvat die volgende elemente:

laer'f.yI ynEB.-lk'w (*en al die seuns van Israel*) verwys vooruit na 3:9.

Atao ~yaif.nO ~YIwIl.h ~ynIh]Koh;w>(die priesters, die Leviete wat die ark dra)- vervolg in 3:6-8.

wyl'ae Wbr>q.Ti-la; hD'MiB; hM'a; ~yIP;l.a;K. Îwyn"ybeWÐ ¿AnybeWÀ ~k,ynEyBe hy<h.yI qAxr' %a; (*daar moet 'n afstand van tweeduisend el tussen julle en hom wees*).

Volgens Peckham se benadering vertoon Josua 3:1-5 'n grammatikale eenheid. Terselfdertyd is daar 'n verband tussen Josua 3:1-5 en van die perikope wat hierop volg. Peckham verwerp enige redaksie-kritiese benadering en probeer die samehang van die narratief vooropstel. Sodoende verklaar hy kronologiese vraagstukke in die lig van literêre tegniek (*prolepsis*) eerder as die produk van redaksionele kritiek.

3:6-8 begin met 'n opdrag aan die priesters om die ark op te tel en die uitvoer daarvan. Dit eindig met nog 'n opdrag aan die priesters om in die rivier te gaan staan, maar dit word nie dadelik aan hulle oorgedra nie (eers wel in **3:15, 17**). Die verwysing na Josua se karakter (**3:7**) is *prolepties* van aard (dit word vervul in **4:14**), maar dit slaag daarin om die band tussen die twee opdragte te breek.

¹⁴⁷ Die uitdrukking dra volgens Soggin (1972:46) die stempel van deuteronomistiese redaksie (Soggin 1972:46). Nie almal is egter seker of dit 'n latere byvoeging is nie (Boling 1982:160).

¹⁴⁸ Weereens beskou Peckham nie die teenstrydighede as 'n probleem nie: "it is extraneous to the context, but it anticipates the agency of the ark in the division of the waters (3:19; 4:1-9)" (Peckham 1984:418).

Weer eens probeer Peckham `n onderliggende struktuur aan Josua 3:6-8 aandui. Hy identifiseer twee opdragte met `n verwysing na Josua se karakter wat die twee opdragte onderbreek. Die verwysing na Josua se karakter is volgens Peckham opsigself `n voorbeeld van *prolepsis*, omdat dit in Josua 4:14 eers vervul word. Sodoende vorm Josua 3 en 4 volgens Peckham `n eenheid. Wat Josua 3:6-8 aanbetref, vorm die twee opdragte `n raam om die verwysing na Josua se karakter. Op hierdie manier vorm die eenheid (Jos 3:6-8) `n duidelike struktuur.

3:9-13 vertel van Josua se toespraak tot die volk (nie die opdragte aan die priesters soos verwag nie). Eerstens is daar `n herinterpretasie van **3:10**. Die gedeelte brei Josua se eerste toespraak tot die volk uit. Die ark kom ter sprake (**3:11**), maar sonder verwysings na die priesters wat dit sou dra. Volgens Peckham antisipeer hierdie gedeelte die rol wat die ark sou speel in **4:4-7**. Weer eens verklaar Peckham teenstrydighede op grond van literêre tegniek eerder as op redaksionele vlak. Verder bevat **3:12** `n *proleptiese* opdrag aan die mense, en vervang die opdrag wat hy aan die priesters gegee het (**3:8**). Hoofstuk **4:1-3, 8-9** (Josua se opdrag aan die twaalf manne om die klippe in die rivier, en in Gilgal te pak) dien as uitvoering van die opdrag in **3:12**. Uiteindelik is daar `n terugkeer na Jahwe se opdrag (**3:13=3:8**) en eindig die gedeelte met twee paranetiese uitdrukkings wat in die volgende perikoop uitgebrei word. Die eerste is `n verwysing na die waters (wat natuurlik `n rol speel in die natuurwonder [**3:16**]). Die tweede verwysing is na die feit dat die waters gestop is. Die natuurwonder word in **3:16** verder uitgebou. Die gedeelte bevestig dus Peckham se teorie dat sekere gedeeltes geantisipeer word.

3:14-17 bou verder aan die oorgang van die Jordaan, en sit Jahwe se instruksies aan die priesters voort (**3:15=3:8**). Weereens kom daar paranetiese gedeeltes voor. Die eerste verduidelik dat die priesters voor die volk geloop het (**3:14**), soos hulle beveel is (**3:6**). Die tweede paranetiese gedeelte verbind die tyd tot hulle voete die water geraak het met die opdragte van Jahwe (**3:8**) en Josua (**3:13**). Die derde gedeelte dui aan dat die Jordaan oor sy walle gestroom het (**3:15**) en dit word aan die einde van die oorgang herhaal (**4:18**). Die terme $hZ<h$; $\sim AYh$; (*vandag* (**[3:7]**), $aWhh$; $\sim AYB$; (*dié dag* [**4:14**]), en $hl'y>L'h$; (*vanaand* [**4:3**]) is `n manier om gebeure volgens `n kalender te organiseer (**3:7, 15; 4:19**). Sodoende word die natuurwonder

presies gedateer tot op die dag van die maand. Die volgende gedeelte verbind die stilstand van die waters (**3:16**) met die stilstand van die priesters (**3:17**). Verder is daar 'n onderskeiding tussen die waters bo by Adam en die onder by die Rooi see. Die onderskeid word verhelder deurdat die oorgang by Jerigo plaasvind. Verder interpreteer die paralelle gedeelte die oorgang by Jerigo deur die Jordaan as 'n trek oor droë grond tussen die boonste en die onderste waters.

In Josua 4 sien die grammatikale verbande tussen die afsonderlike perikope soos volg daaruit:

Josua 4:1-9 bevat 'n opdrag van Jahwe en die uitvoering daarvan (**4:1-3, 8-9**). Hierdie gedeelte omvat 'n opdrag van Josua en die uitvoer daarvan (**4:4-7**). Beide word vooruitgeloop deur Josua se tweede rede (**3:9-13**). Die opdrag om 12 man te kies is deur Josua gegee (**3:12**) en deur Jahwe herhaal (**4:2**). Dit word as een opdrag uitgevoer (**4:8**). Die stelling dat die ark voor die volk sal uitgaan (**3:11**) word vervul wanneer die waters voor die ark skei (**4:6-7**). Hierdie gedeelte vertoon 'n belofte-ervulling skema. Jahwe se opdrag om klippe van die Jordaan te neem word op twee maniere gehoorsaam. Eerstens neem die volk klippe van die middel van die Jordaan (**4:8**). Josua het klippe in die voetspore van die priesters gepak, dus kon die volk nie anders as om die bevel te gehoorsaam nie. In die tweede plek pak die volk Israel die klippe by Gilgal (**4:20-24**).

4:10-13 bevat weer 'n paranetiese gedeelte wat die gehoorsaamheid van die priesters uitlig. Hulle staan in die Jordaan soos Jahwe hulle beveel het (**4:10=3:8**), maar hulle gaan voor die volk deur die Jordaan soos wat Josua hulle beveel het (**4:11=3:14=3:6**).

4:14-19 begin met 'n paranetiese verwysing na Josua as opvolger van Moses. Hierdie gedeelte funksioneer as 'n vervulling van Jahwe se belofte om Josua te verhef (**4:14=3:7**). 'n Bevel van Jahwe (**4:15-16**) sluit die gedeelte van die skeiding van die waters af. Josua dra hierdie bevel aan die volk oor (**4:17**), en die priesters gehoorsaam die bevel (**4:18**). Die Jordaan se waters keer terug na normaal wanneer die priesters se voete droë grond bereik (**4:18=3:15**). Die gedeelte eindig met 'n verwysing na die datering van die wonder (**4:19**) en 'n opmerking dat die oorgang naby Jerigo voltooi is.

4:20-24 herhaal die tema van die 12 klippe (4:20=4:8) en verder herhaal dit Josua se vroeëre uitleg daarvan (4:21-22=4:6-7). Dit bevat 'n verwysing na die Rietsee (4:23) en eindig met 'n belofte aan Israel en die nasies (4:24).

3.2.1.2.5 Gevolgtrekking

Peckham se struktuuranalise van Josua 3 en 4 skep probleme. As die teks so fyn verweef is soos wat Peckham voorstel, skep enige afwyking van die struktuur komplikasies. Die volgende dien as voorbeeld:

Vers 12 is waarskynlik 'n latere byvoeging, omdat die vers nie in die huidige konteks pas nie.¹⁴⁹ Peckham se verklaring van vers 12 as *prolepsis*, is geforseerd. Verder probeer hy hoofstuk se 4 se uiteenlopende vertellings van 12 klippe in die rivier en 12 klippe by die heiligdom, met mekaar versoen. Sy pogings om die twee weergawes van die klippe te versoen, is nie oortuigend nie. Verder bestaan die moontlikheid dat die uitdrukking “*die priesters, die Leviete*” (~YIwIl.h; ~ynIh]Koh;) in Josua 3:2 'n latere redaksie verteenwoordig (Noth 1953:32).¹⁵⁰ Die verwysing na die ark verteenwoordig waarskynlik 'n latere redaksie van die verhaal, omdat dit nie in die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3 voorkom nie (vgl 4.5).¹⁵¹ Die onderbreking van Josua se toesprake dui eerder op redaksionele arbeid as op 'n fyn uitgewerkte struktuur. Peckham se model is net oortuigend as die teks 'n literêre eenheid verteenwoordig. Daar is nie ruimte by Peckham vir latere byvoegings of redaksies nie, omdat dit die fyn struktuur van die teks onderbreek.

Josua 3 en 4 vertoon egter kenmerke van 'n teks wat 'n ingewikkelde redaksionele proses deurloop het. Hierdie argumente dui aan dat Peckham se benadering nie as 'n klinkklare oplossing vir die probleme in Josua 3 en 4 voorgehou kan word nie.

¹⁴⁹ Noth (1953:35) stel voor dat die vers by 4:4ab, 4b, 5 hoort. Herzberg (1965:29) meen dat die vers oorspronklik vóór 4:1-9 hoort.

¹⁵⁰ In hierdie studie plaas ek Josua 3:2-4 in 'n Kronistiese konteks (sien 3.4.4.1).

¹⁵¹ “The ark surprises us here. We are really not prepared for its appearance” (Butler 1982:44). En: “The presence of the ark here, as we have noted, is a difficulty. We would simply recall that; (a) the ark never appears elsewhere in the narratives of the conquest; (b) it never appears elsewhere at Gilgal” (Soggin 1972:56).

3.2.1.3 H.J. Koorevaar

3.2.1.3.1 Inleiding

Koorevaar probeer om die literêre opbou van die boek Josua te beskryf. Die waarde van Koorevaar se studie is tweeledig. In die eerste plek dui hy aan dat tekste nie kronologies gelees hoef te word nie. Volgens sy model vertoon die boek Josua eerder die struktuur van 'n *chiasme*. In die tweede plek probeer hy aantoon dat 'n sinchroniese benadering tot die teks nie vrae rondom die ontstaan van die boek uitsluit nie. Alhoewel Koorevaar se benadering a-histories is, lei sy literêre benadering onverwags na 'n ontstaanstydperk en *Sitz im Leben* van die boek Josua.

3.2.1.3.2 Josua

Koorevaar (1990:9) poog in sy studie om die opbou van die boek Josua te beskryf. Volgens dié Amsterdamse skool waaraan hy behoort, val die klem op die finale gestalte van die teks. Daarom is die historiese dimensie van teksanalise nie vir die Amsterdamse skool van primêre belang nie. Die babiloniese ballingskap is volgens Koorevaar (1991:16) die ontstaanstyd van die meeste Ou Testamentiese narratiewe. Sy ondersoek lei hom om die *petuhôt* en *setomôt* (die spasies in die teks wat die teks opdeel) te bestudeer. In die meeste hebreuse manuskripte is daar 'n tendens dat die *setumôt* meer voorkom as die *petuhôt*. Koorevaar (1990:75-90) maak die afleiding dat die *setumôt* ouer is, en dat daar later 'n noodsaaklikheid was om die teks in nog kleiner eenhede op te deel. Die houding van die Ben Asher-familie teenoor die verskil tussen *petuhôt* en *semotôt* is 'n aanduiding dat die *petuhôt* en *semotôt* latere toevoegings is om die teks meer struktuur te gee.

Nadat hy 31 voorbeelde van die struktuur van die boek bestudeer, identifiseer hy 'n onderliggende struktuur. Koorevaar (1990:113-120) deel die boek Josua in vier hoofdele op. Elke hoofdeel word deur 'n term verteenwoordig. Die hoofstukindeling en die term wat by elke hoofgedeelte pas, sien soos volg daaruit:

- Josua 1:1-5:12 (**rb** [- deurgaan);
- Josua 5:13-12:24 (**xq**l - neem);
- Josua 13-21 (**q**l**x** - verdeel);

- Josua 22-24 (**db** [- dien).

Elkeen van die hoofdele vertoon op sy beurt die volgende struktuur:

- God beveel;
- Bevel word uitgevoer;
- Uitvoer van bevel word vermeld.

In die eerste hoofdeel (1:1-5:12) is daar drie eenhede tussen Jahwe se bevel en die vermelding. In die tweede hoofdeel (5:13-12:24) is daar ses eenhede, in die derde (13-21) nege en die laaste hoofdeel (22-24) drie eenhede. Op grond hiervan is twee opmerkings van belang. In die eerste plek vertoon die hele struktuur 'n *inclusio*. Die eerste en laaste hoofdeel wat uit drie eenhede bestaan, vorm 'n afgeronde eenheid. In die tweede plek fokus Koorevaar op die derde hoofdeel wat uitstaan omdat dit so lank is (nege eenhede tussen Jahwe se bevel en die vermelding van die uitvoer daarvan). Die derde eenheid vertoon vir hom 'n *chiastiese* struktuur met hoofstuk 18:1-10 (die tent van ontvoering by Silo) as die middelpunt.

A 1:1-5:12

Sleutelwoord rb [

1:1-19	1ste opdrag van God: gaan die Jordaan deur
1:10-18	Josua se opdragte aan die offisiere
2:1-24	Verkenning van Jerigo
3:1-4:24	Uitvoering van opdrag: besnydenis en pasga

B:5:13-12:24

Sleutelwoord xq1

5:13-6:5	2de opdrag van God: neem Jerigo in
6:6-6:27	Oorwinning oor Jerigo
7:1-8:29	Oorwinning oor Ai
8:30-8:35	Altaar by Sigem
9:1-27	Verbond met Gibeoniete
10:1-43	Oorwinning oor stede (ook Jerusalem)
11:1-15	Oorwinning oor stede (ook Hasor)
11:16-12:24	Uitvoering van opdragte: samevatting van oorwinnings

C:13-21

Sleutelwoord q1x

13:1-7	3de opdrag van God: verdeel Kanaän
13:8-33	Transjordanië: deel van die 2½ stamme
14:1-5	Begin van die verdeling
14:6-15	Kaleb se deel
15:1-17:8	Juda en Josef se deel
18:1-10	Tent van ontmoeting by Silo

18;11-19:48	Die oorblywende 7 stamme se deel
19:49-51	Josua se deel
20:1-6	4de opdrag van God: oprigting van vlugtelingsdele
20:7-21:45	Uitvoering van opdrag: opsomming
D:22-24	Sleutelwoord db [
22:1-34	Terugkeer van die 2½ stamme
23:1-16	Josua se afskeidstoespraak
24:1-18	Verbondsluiting by Sigem
24:29-33	Dood en begrafnis van Josua

Die feit dat die tent by Silo in die middelpunt van die boek staan, het verdere implikasies. Koorevaar (1990:276) argumenteer dat die boek voor die vernietiging van Silo (ongeveer 1075 vC) tot stand gekom het, aangesien dit nutteloos sou wees om so 'n belangrike boodskap aan 'n plek te koppel wat nie meer bestaan nie. Die feit dat Jerusalem in die boek Josua geïgnoreer word, is vir hom belangrik, omdat dit 'n ontstaanstydperk vóór die toestandoming van die monargie impliseer. Verwysings na die stad meld dat dit deur die Kanaäniete beheer word. Daar is geen spesiale plan met Jerusalem nie. Koorevaar (1990:276) kom tot die gevolgtrekking dat die boek histories 'n tyd weerspieël waar Jerusalem nog nie onder Israelitiese beheer was nie (vóór 10vC). Alhoewel die heiligdom van Silo 'n belangrike rol in die boek Josua speel, beteken dit nie noodwendig dat die boek Josua vóór die vernietiging van die heiligdom van Silo geskryf is nie. Die basisverhaal van die boek Josua pas myns insiens eerder in die 7^{de} eeu vC (vgl 4.6).

3.2.1.3.3 Gevolgtrekking

Koorevaar (1990:48) se benadering rus onder andere op die voorveronderstelling dat die boek Josua 'n selfstandige geskrif is. Die boek word nie primêr as deel van 'n Heksateug of Deuteronomistiese Geskiedenis gelees nie. 'n Probleem met hierdie benadering is dat die vele oneffenhede en teenstrydighede in die boek dit moeilik maak om na die boek as 'n eenheidsgeskrif te verwys. Hierdie opmerking het verder betrekking op sy rekenaar-geleide studie. Wanneer statistiek bewerk word om die getal eenhede te bereken, berus dit op die voorveronderstelling dat die hele boek met 'n plan of struktuur geskryf is. Histories-Kritiese ondersoeke bepaal dat die boek uit verskillende gedeeltes bestaan wat later saamgevoeg is. So byvoorbeeld is die

hipotese van hierdie studie dat die boek Josua uit 'n oorspronklike *Grundschrift* bestaan wat hoofsaaklik in die eksiliese en ná-eksiliese tyd uitgebrei is (Bieberstein 1995).

Die opmerkings rondom Silo en Jerusalem is ter sake. Net omdat Jerusalem geïgnoreer word as Jawe se uitverkore stad, veronderstel dit nie noodwendig 'n vroeëre datering nie. In die ná-eksiliese tyd (ná 515vC) was daar 'n weersin teen die tempel in Jerusalem. Omdat die Sadokitiese priesters meestal in beheer van die tempel was (tot die 4-3^{de} eeu vC toe die Leviete se status verhoog is as priesters)¹⁵² kan die boek juis as 'n kontra-narratief op die Sionsteologie geïnterpreteer word. Die klem op die Levitiese draers van die ark (3:2) is juis 'n voorbeeld hiervan. Hierdie klem op Silo as aanbiddingsplek bied verskeie interpretasie moontlikhede. So byvoorbeeld kom Silo waarskynlik in 'n ideologiese konteks voor. In Jeremia 26 word Silo as 'n skuilnaam vir Jerusalem gebruik. Dieselfde tegniek kom waarskynlik in Psalm 78:60 voor (Gerstenberger 2001:90). Silo verteenwoordig die heiligdom van Eli (1 Sam 1-2) en in die konteks van Psalm 78 verteenwoordig dit waarskynlik 'n simbool van ongehoorsaamheid. Verder bestaan die moontlikheid dat die verskillende heiligdomme moontlik later in die ná-eksiliese konteks gebruik is om legitimiteit aan priestergroepe te verleen. So byvoorbeeld meen Knauf (2006:291-349) dat die heiligdom van Bet-El eers rondom 515 vC vernietig is, en dat die die stryd met die Samaritane moontlik toegeskryf kan word aan 'n stryd tussen die priestergroepe van Bet-El en Jerusalem. Daarom is dit moeilik om te veel van Silo in Josua 18 te maak, soos wat Koorevaar (1990 120) voorstel.

3.2.1.4 D.L. Hawk

3.2.1.4.1 Inleiding

Hawk (1991:16) neem sterk posisie in teen 'n Histories-Kritiese verstaan van die boek Josua. 'n Histories-Kritiese benadering sou inderdaad 'n verklaring kon bied vir die inkonsekwentheid en oneffenheid in die teks. Volgens 'n Histories-Kritiese benadering is die inkonsekwentheid en oneffenheid in die teks die resultaat van 'n samevoeging van deuteronomisties-geredigeerde tekste, ongeredigeerde bronne, en

¹⁵² Volgens Bieberstein (1995:356) is die gelykstelling tussen priesters en Leviete eers sigbaar in tekste wat ná Esegël en die Priesterskrif (P) gedateer word. So val die klem in die boek Kronieke op die Leviete.

latere byvoegings. Hawk (1991:16) wys egter op die leemtes in die deuteronomistiese verstaan van die boek Josua. Volgens hierdie model word die sogenaamde deuteronomistiese elemente bewaar, terwyl enigiets wat van die deuteronomistiese agenda afwyk as byvoegings verklaar word.

3.2.1.4.2 Josua

Hawk ondersoek 'n literêre benadering tot die teks. Volgens sy benadering ervaar die leser teenstrydighede in die teks omdat die teks juis so georganiseer is. Die “*plot*” van die verhaal vorm die fokus van sy studie. Hawk verstaan die term “*plot*” op verskillende vlakke. Maar op die oppervlakte kan die term na die raamwerk of breë trekke van 'n verhaal verwys. Op 'n dieper vlak verwys die term “*plot*” na insidente en patrone in die verhaal en hoe dit met mekaar verbind word om uiteindelik 'n logiese verhaallyn te vorm. 'n Derde interpretasie volgens Hawk is wanneer “*plot*” na die gedagtestroom, wat die teks in die leser se brein organiseer, verwys. Die brein verbind die afsonderlike insidente in 'n verhaal tot 'n aaneenlopende narratief.

Die dinamiese kwaliteit van “*plot*” is volgens Hawk nie net beperk tot die teks nie. Die brein is geneig om te gebeurtenisse te organiseer. “*Plot*” is volgens hierdie definisie 'n werkwoord *en* 'n selfstandige naamwoord. As 'n werkwoord verwys dit na die proses waardeur 'n verhaal gekonstrueer en verstaan word. Wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord verstaan word, verwys dit na die strukture en aaneenskakeling van strukture wat 'n verhaal vorm.

Hawk (1991:28) brei die definisie van “*plot*” verder uit. Hy verwys eerstens na “*plot*” as “*design*”. Omdat die leser(s) verwag dat die lewe ordelik en gestruktureerd is, skep dit 'n verwagting dat tekste ook georden moet wees. “*Plot*” bind 'n opeenvolging van gebeurtenisse in 'n verstaanbare verhaal. Verder is “*plot*” verbind aan kousaliteit. So gee Jahwe die stad Jerigo in Josua se hande, want die volk was gehoorsaam. Daar is egter nog ander maniere om gebeurtenisse te verbind. Volgens Hawk (1991:29) gebruik die skywer(s) herhaling om na die verlede te verwys, terwyl die toekoms terselfdertyd binne rekening bly (Hawk 1991:29). In terme van die boek Josua, is die oorgang oor die Jordaan 'n sinspeling na die Rietsee-gebeurtenis.

Die twaalf klippe en die oproep om drie dae te wag is `n verdere verwysing na die Sinai-gebeure.

Verder wys Hawk (1991:32) op die invloed van die tyd op “*plot*” as “*plot and temporality*”. “*Plot*” organiseer gebeurtenisse in `n begin, middel en einde. Die dood van Moses (1:2) en die dood van Eleaser (24:28, 29, 33) omraam die boek Josua. Verskillende altare wat opgerig word om gebeurtenisse te onthou, verbind die hede en die verlede. Hawk (1991:34) dui dan aan dat daar somtyds `n verskil tussen die opeenvolging van gebeurtenisse in die verhaal, en die werklike volgorde van gebeurtenisse is. Somtyds maak skrywers van *prolepsis* gebruik om te verwys na iets wat nog moet gebeur. Die verhaal word dan vooruitgeloop. *Analepsis* verwys weer na `n gebeurtenis wat reeds plaasgevind het. In terme van die boek Josua is *prolepsis* en *analepsis* juis belangrik omdat die narratief juis nie altyd volgens `n logiese patroon verloop nie.

Die einddoel van `n narratief is belangrik. Hawk (199:135) noem hierdie element “*sense of an ending*”. `n Verhaal het `n logiese vloei na `n einde. Eers aan die einde van `n verhaal word verskillende elemente van die verhaal logies bymekaargebring. Struikelblokke wat `n goeie einde bedreig, moet eers deur die plot verwyder word.

Somtyds gebeur dit dat tekste stomp en onduidelik voorkom. Terwyl Histories-Kritiese ondersoek dikwels na sulke tekste as *fragmente* verwys, wat in die verhaal ingevoeg is, soek Hawk (1991:36) eerder literêr-kritiese antwoorde op die probleme. Hy dui aan dat sulke tekste juis spanning skep, en dat spanning nodig is in enige narratief. Hawk probeer nog verklarings vind vir die spanning en teenstrydighede in `n teks. Hy bevind dat wanneer tekste te glad verloop, dit nié so `n groot impak op die leser(s) het nie. Die lewe verloop nie altyd duidelik en logies nie. Enige afwyking daarvan vorm dan `n skeptisisme. In terme Josua word `n fragmentariese prentjie van mislukking en hartseer geteken. Selfs aan die einde van die boek, waar `n verbond met Jahwe gesluit word, is daar tekens van skeuring. Buitestaanders en Israëliete is nou almal deel van die volk, en daar is selfs sekere mense uit die Kanaänitiese bevolking nou ook deel van die Israëliete. Die teenwoordigheid van ander gode in die land bedreig die verbond met Jahwe. Volgens Hawk verwoord die

boek die worsteling om Jahwe se beloftes te laat realiseer. Die lewe is nie maklik nie, en ongehoorsaamheid bedreig die mens se einddoel.

“*Plot*” funksioneer volgens Hawk (1991:37) op `n Freudiaanse of psigoanalitiese vlak. Elke verhaal het `n begin, `n liggaam-gedeelte en `n einde. Die begin van `n verhaal skep `n opgewondenheid en begeerte by die leser om die verhaal klaar te lees. Sodoende funksioneer die middel-gedeelte (liggaam) van `n verhaal om die krisis wat in in enige verhaal van `n goeie einde bedreig, eers uit die weg te ruim deur middel van die “plot”. Die middelste gedeelte is dus waar die verhaal ontvou. Hierdie begeerte om `n verhaal klaar te lees met die oog op `n gelukkige einde, speel `n verdere rol. Die leser gebruik energie om die verhaal so te herinterpreteer dat dit saak maak in sy/haar eie lewe. So illustreer Hawk se model die verband tussen `n teks en die leser, en toon die leser se begeerte en strewe na orde en struktuur in hul lewens.

Hawk (1991:40) gebruik die element van begeerte as die primêre metafoer om die funksie van plot in die boek Josua te verstaan. Die leser se begeerte inisieer die plot, beheer die verskillende eindes waarheen die verhaal beweeg, en stel die patrone wat die begin en die einde aan mekaar verbind. In die begin van die verhaal belowe Jahwe die land aan die volk. Hierdie verwagting loop regdeur die verhaal. Daar is egter struikelblokke op die pad na die einde van die verhaal. Die volk word verdeel en die neiging is om afgode te aanbid. Herhalende motiewe speel `n bepalende rol, soos Israel se ongehoorsaamheid aan Jahwe en die mislukte pogings om die hele land te verower. Die einde van die verhaal kom dan aan die orde, en die vraag is of dit ooreenkom met die verwagte einde van die verhaal. Verskillende ‘*plotte*’ bots met mekaar. So is daar Israel se begeerte om gehoorsaam aan Jahwe te lewe. Daardeur word hulle verseker van die land en die feit dat Jawe hulle nié sal straf nie. Jahwe begeer weer eenheid met die volk, soos die verbond illustreer. Hierdie eenheid word ironies genoeg deur die land (wat Jawe as `n geskenk gee) bedreig, omdat hulle die land kan verloor as hulle ongehoorsaam aan Jahwe is. Saam met die land kom die vrugbaarheids gode wat `n groot probleem vir die volk sou word. Jahwe en Israel begeer `n einde wat nog nié vervul is nie. Volgens Hawk is dit die verteller se begeerte om die verhaal gelukkig te laat eindig. Nogtans word die realiteit van ongehoorsaamheid en verdeeldheid voorgehou in die verhaal. Hawk (1991:145)

beskou ten slotte boek Josua as 'n spieëlbeeld van die lewe. Die mens strew na geluk, maar die onsekerhede en gebrokenheid van hierdie lewe is gedurig 'n realiteit in mense se lewens. Ons leef soos Israel tussen belofte en vervulling.

3.2.1.3.3 Gevolgtrekking

Hawk argumenteer vanuit 'n sinchroniese benadering. Alhoewel die immanente teks van uitermate belang is, skep die afwesigheid van 'n historiese bewussyn by Hawk 'n leemte. Nogtans is 'n kombinasie tussen sinchroniese en diachroniese benaderings in eksegetiese die ideaal vir verantwoordelike eksegetiese (Jonker 2000:632; Groenewald 2004:632; Barton 2007:127-137). 'n Kombinasie van verskillende benaderings bring balans in die eksegetiese proses. Hawk kies egter vir 'n a-historiese literêre benadering.

Hawk se eendimensionele benadering tot Josua 3 en 4 bring nie noodwendig oplossings vir die teenstrydighede in die teks nie. Hy kies eerder vir komplekse wersterse literêre invalshoeke wat op die immanente teks konsentreer, as om redaksie-kritiese moontlikhede te oorweeg. Ek is ooruiig dat die kronologiese probleme in Josua 3 en 4 'n multi-dissiplinêre ondersoek regverdig. 'n Eensydige benadering, hetsy literêr-krities of redaksie-krities, is myns insiens nie genoeg om Josua 3 en 4 te interpreteer nie.

In hierdie gedeelte het ek probeer om die belangrikste voorbeelde van die literêre benadering tot Josua 3 en 4 te bespreek. Die literêre benadering is gebaseer op 'n interpretasie van die finale vorm van die teks. Alhoewel die bostaande voorbeelde (Peckham, Polzin, Koorevaar, Hawk) 'n besondere bydrae tot die interpretasie van die boek Josua maak, is ek nie oortuig dat 'n suiwer literêre benadering genoeg is om die teenstrydighede in Josua 3 en 4 te verklaar nie. Dit wil eerder voorkom asof die boek Josua die produk van 'n lang ontstaansproses is. Om hierdie rede bespreek ek nou die Histories-Kritiese benadering tot Josua 3 en 4.

3.2.2 Histories-Kritiese benadering

’n Histories-Kritiese invalshoek veronderstel dat die teks nie as ’n literêre eenheid ontstaan het nie. Die teks is eerder ’n resultaat van verskeie redaksionele prosesse. Sodoende val die klem op die groei van die teks. Die eksegeet se taak is om die verskillende groeistadia van die teks te identifiseer en te analiseer. Twee basiese benaderings van hier van belang. Sommige navorsers (Vogt 1965:128-145; Wijngaards 1969:3vv; Otto 1975:26-75; Butler 1983:41-42) beskou die teks as ’n ineenkakeling van **twee selfstandige narratiewe**. Ander (Rudolph 1938:169-178; Noth 1953: 25, 27, 31-32; Keller 1956:85-97; Dus 1960:107-134; Maier 1965:18-32; Boling 1983:179-181; Görg 1991; Fritz 1994:46-56; Bieberstein 1995:304-427; Nelson 1997:58) benader weer die teks as ’n **basisteks met verskeie uitbreidings**. Hierdie twee benaderings kom nou aan die orde.

3.2.2.1 Twee selfstandige narratiewe

3.2.2.1.1 E. Vogt, J.N.M. Wijngaards en E. Otto

Vogt (1965:128-145) onderskei ’n historiese en ’n kultiese narratief. Die historiese narratief vertel die verhaal van die reis van Sittim na die Jordaan, die waters wat stilstaan by Adam, die weermag wat toesak op Jerigo, en die kampering by Gilgal. Twee deuteronomistiese byvoegings is by die historiese en kultiese narratiewe gevoeg, naamlik die opheffing van Josua (3:7; 4:14) en die verwysing na die Transjordaniëse stamme (4:12). Die historiese narratief is deur middel van ’n redaksionele proses ineengewef met ’n langer kultiese narratief wat die reis na die Jordaan en die natuurwonder in groter detail beskryf.

Wijngaards (1969:3vv) identifiseer twee inmeekaargevlegde tradisies, naamlik ’n Sigem en ’n Gilgal-tradisie. Otto (1975:26-75) identifiseer ’n Gilgal en ’n deuteronomistiese tradisie. Die teenstrydighede in Josua 3 en 4 dan is die resultaat die samevoeging van die twee narratiewe.

Met die uitsondering van Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) en Fohrer (1984:197) vermy die meeste navorsers die klassieke Pentateug-bronne in die studie van Josua 3

en 4.¹⁵³ Een van die redes hiervoor is die feit dat nié alles in Josua 3 en 4 herhaal word nie. So byvoorbeeld staan die waters net eenmaal stil (3:16) en keer die waters net eenmaal terug ná die wonderwerk (4:18). Om hierdie rede is die veronderstelling van twee parallelle bronne moeilik bewysbaar.

3.2.2.1.2 T.C. Butler

Butler (1983:41-42) dui aan dat sekere elemente in die Josua 3 en 4 herhaal word. Hierdie herhaling veronderstel volgens Butler 'n vermenging van twee verskillende narratiewe.¹⁵⁴ Butler meen verder dat hierdie benadering moeilik gemaak word deur die feit dat geen van die klassieke Heksateug-bronne in Josua 3 en 4 voorkom nie. Die kronologie en samestelling van die teks is volgens Butler (1983:41) 'n aanduiding dat Josua 3:1 by hoofstuk 2 aansluit, terwyl hoofstuk 3:2 na 1:11 terugwys. Hy identifiseer twee primêre narratiewe. Een narratief loop uit op 'n kamp by Gilgal (4:19-20) terwyl 'n ander na Jerigo wys (3:16). Een verwys na die oorgang van die Jordaan in die taal van Eksodus 14-15, en eindig in 'n kategetiese stelling (4:21-23). Die ander verhaallyn beskryf die oorgang in terme van die ark, en dit eindig in 'n soortgelyke kategetiese stelling (4:6-7).

Butler (1983:42) begin by die twee slotstellings wat hy as kategetiese stellings aandui. Die eerste slotstelling fokus op die ark (4:6-7), terwyl die ander weergawe (4:20-24) op die wonderwerk van die water fokus. Die ark is verder die middelpunt van die volgende verse: 3:2-4, 6, 9, 10(?), 11-14, 16b; 4:4-7, 11. Volgens Butler se model

¹⁵³ Fohrer (1984:197) neem standpunt in teen Noth se benadering om die doeblette in Josua 3 en 4 as latere byvoegings in plaas van bronne te hanteer. Volgens Fohrer verteenwoordig Rig 1:1-2:5 die vroegste weergawe van die landsverowering. Hy beskou hierdie weergawe as 'n voorbeeld van die sogenaamde N (nomade) bron, wat die landsverowering as verskillende oorloë uitbeeld. Eissfeldt (1974:244-248; 252-254) meen dat die klassieke Pentateug-bronne in die boek Josua voorkom.

¹⁵⁴ Die volgende herhalings kom voor:

- Drie dae wagtydperk (2:22; 3:2);
- Twee ekstra nagte: een vir die kampering (3:1) en een vir die heiliging (3:5);
- Deurgang deur die Jordaan (3:16b; 4:10);
- Priesters wat uit die rivier opkom (4:11,18);
- Twaalf manne wat die klippe dra (3:12; 4:2);
- Oprigting van die klippe in die Jordaan (4:9) en Gilgal (4:20);
- Opdrag om die kinders te onderrig (4:6-7, 21-24).

fokus die tweede weergawe op die rol van die priesters: 3:1b, 5(?), 7aA, 8-10, 15-16aA, 17;4:1-3, 8, 15-22. Hierdie weergawe weerspieël waarskynlik 'n kultiese agtergrond (wat heel waarskynlik na Gilgal teruggevoer kan word).¹⁵⁵ Hy dui aan dat geeneen van die verhale 'n bepaalde spanningslyn vertoon nie. Albei narratiewe is eerder onderrig tekste wat wil leer hoe die ark die mense gelei het wat gehoorsaam was. Butler (1983:43) gee toe dat die teks te ver verwyderd van die oorspronklike omstandighede is om enige historiese afleidings te maak. Om hierdie rede is dit moeilik om die ontstaan van die teks aan 'n bepaalde tyd te koppel. Josua word in hoofstuk 3 en 4 as beide 'n militêre leier (3:6;4:4-5) en 'n profeet (3:9-11) voorgelou.

Butler onderskei dus twee narratiewe. Hy koppel die ark-narratief aan die heilige oorlog-motief, alhoewel hy nie die heilige oorlog duidelik omskryf nie. Hy dui wel aan dat die heilige oorlog-skema van Von Rad 'n latere ontwikkeling is, en dat die motief van Jahwe as 'n kryger moontlik uit 'n vroeëre (vóór-monargale) stadium van Israel se geskiedenis kan dateer. Die narratief van die natuurwonder hoort weer in die konteks van die kultus. Volgens Butler (1983:42) is die oorsprong van hierdie kultiese narratief by die heiligdom van Gilgal te vinde. Hy maak ruimte vir die hipotese dat enige van die heiligdomme van Israel (bv Silo of Jerusalem) die Gilgal-narratief kon oorgeneem en verwerk het (Butler 1983:43).

Butler se benadering poog om Josua 3 en 4 na twee afsonderlike narratiewe terug te lei. Die klem op Gilgal as oorsprong van die kultiese narratief is egter te betwyfel. Gilgal is waarskynlik 'n verwysingspunt waarmee die ná-eksiliese gemeenskap hulle voorouers se geskiedenis probeer reconstrueer het (sien 4.7.3.3.2).

3.2.2.2 Basisdokument met uitbreidings

3.2.2.2.1 W. Rudolph

- Rudolph (1938:169-178) identifiseer 'n basisdokument wat hy aan die Jahwistiese bron (J) koppel. Die basisverhaal omvat die volgende verse:

¹⁵⁵ Butler (1983:43) gee toe dat die kultus-benadering wyer geïnterpreteer kan word: "The developed state of the present narrative and its relation to the sea narrative make it possible that any of the cultic centres of Israel could have taken it up and reflected upon earlier material, formalizing it into the present shape. The central role of the ark might indicate that Shiloh, or even Jerusalem has influenced the material".

3:1, 5-6, 14-17; 4:9, 10b, 12-13, 11a, 15-18, 11b, 19b (Jordanoorgang en natuurwonder);

- `n Vroeë uitbreiding deur J se redaktor:
3:7-11, 13; 4:14 (Josua se verhoging);
- `n Sekondêre verhaal:
3:12; 4:1b-5, 3b, 8abb, 10a, 20 (klippe in die Jordaan en Gilgal).
- Deuteronomistiese byvoegings:
3:2-4, 10; 4:6-8aa, 21-24 (rol van die ark en die les van die wonder).
- Verdere glosse:
3:4ab^a; 4:1a, 19a).

Rudolph se klem op `n Jahwistiese bron as oorsprong van die basisdokument is die swakpunt van sy model. Die klassieke bronnehipotese, met die klem op J as `n voor-eksiliese bron, is vir alle doeleindes `n uitgediende konsep (vgl 4.7.1).

3.2.2.2 M. Noth

Noth (1953:25, 27, 31-32) gee `n deuteronomistiese oorsprong aan die volgende gedeeltes:

- **3:2-3:** opdrag aan volk en verwysing na ark en Levitiese priesters;
 - **3:6-10:** opdrag aan priesters, verhoging van Josua en opdrag van Josua aan die volk;
 - **4:4-7:** opdrag aan 12 manne en voorneme om die betekenis van die klippe aan die kinders te verduidelik;
 - **4:11b-12:** verwysing na die Transjordaniese stamme;
 - **14-18a:** Josua word verhoog en die priesters kom uit die Jordaan;
 - **21b-24:** oproep om die betekenis van die klippe aan die kinders te verduidelik.
- Die res van hoofstuk 3 en 4 skryf hy toe aan `n antieke liturgie wat moontlik deur `n “*Sammler*” (compiler) ingevoeg is. Noth staan dus reglynig teenoor enige bronneverdeling.

Noth se benadering is gegrond op die rol van die heiligdom by Gilgal. Hy identifiseer twee etiologieë, naamlik die klippe by die Jordaan en die klippe by Gilgal. Die etiologieë sentreer rondom die heiligdom by Gilgal en dien as herinnering van die Jordanoorgang. Nogtans is daar bepaalde leemtes in Noth se benadering:

- Noth se teorie berus op die amfiktionie-hipotese. Hiervolgens was die ark die middelpunt van die sentrale heiligdom van die amfiktionie. Die teenwoordigheid van die ark in Josua 3-4 is dus gekoppel aan die amfiktionie-hipotese. Volgens Noth se benadering was Josua nie oorspronklik deel van die narratief nie. Die resultate van hierdie studie dui daarop dat die figuur van Josua deel van die oorspronklike *Grundschrift* was (vgl 2.2.3.1);

3.2.2.2.3 C.A. Keller

Keller (1956:85-97) identifiseer 'n vroeëre weergawe van hoofstuk 3 en 4 wat oor die deurgang deur die Jordaan en die klippe berig. Die res van Josua 3 en 4 is alles sekondêr: Josua, die ark, die verwysing na die hele volk Israel, die priesters, en die opdrag en gehoorsaam-skema wat die verhaal inkleur. Die oorspronklike narratief het na die ontstaan van die Gilgal-kultus verwys, en dit is mettertyd met die Rietsee-vertelling verbind. Hierdie vermenging van narratiewe is volgens Keller se model verantwoordelik vir die teenstrydighede en herhalings in Josua 3 en 4.

Die volgende opmerkings is aan die orde:

- Hierdie model beklemtoon die rol van die heiligdom van Gilgal. Die klem op Gilgal en die gepaardgaande etiologie is waarskynlik misplaas. Volgens die benadering van hierdie studie maak oorspronklike verhaal van Josua 3-4 eerder deel uit van 'n groter landsveroweringsverhaal. Etiologie maak nie noodwendig die primêre deel van die narratief uit nie. Die moontlikheid bestaan dat etiologie eerder deel van 'n latere terugprojeksie uitmaak (vgl 4.7.5.2);
- Die afwesigheid van die Josua-figuur in die oorspronklike verhaal is problematies. Josua was volgens die resultate van hierdie studie juis deel van die oorspronklike verhaal;
- Die klippe by Gilgal vorm myns insiens nie deel van die oorspronklike verhaal nie. Nogtans maak dit volgens Keller deel uit van die basisverhaal.

3.2.2.2.4 J. Dus

In sy analise van Josua 3 en 4 onderskei Dus (1960:107-134) verskeie redaksies. Die redaksies sorteer soos volg, van die oudste laag tot die jongste laag:

- Dus onderskei die vroegste redaksie as 'n etiologie van die 12 klippe in die Jordaan (4:9);
- 'n Etiologie van die 12 klippe by Gilgal en die bevele aan die 12 manne uit elke stam (4:1-3, 8, 10, 20, 21, 23, 24);
- 'n Samesteller was vir die eerste skriftelike redaksie verantwoordelik. Hierdie samesteller het die twee etiologieë met die landsverowering onder Josua verbind;
- 'n Deuteronomistiese redaktor het op die eerste skriftelike redaksie voortgebou deur die rol van die ark te beklemtoon;
- 'n Priesterlike redaktor het die etiologie van die Jordaanklippe uit sy oorspronklike konteks (3:17) geneem en dit met die Gilgal-etiologie verbind.

Dus se literêr-kritiese benadering poog om die verskillende groeistadia van die teks aan te dui. Die volgende opmerkings is egter van belang:

- Die klem op etiologie as die vroegste snit is betwyfelbaar. Ek is van mening dat die oorspronklike *Grundschrift* van Josua 3-4 verhaal eerder deel van 'n landsveroweringverhaal uitmaak (vgl 4.6). Etiologie is myns insiens eerder deel van 'n ná-eksiliese terugprojeksie (vgl 4.7.5.2). Verder is dit baie moeilik om te bewys watter dele van die verhaal oorspronklik mondelings oorvertel is.

3.2.2.2.5 J. Maier

Volgens Maier (1965:18-32) se benadering is die volgende redaksionele snitte van belang:

- 'n Kombinasie van fragmentariese weergawes van 'n Gilgal-etiologie en 'n Benjamitiese (Jordaan)-etiologie;
- 'n Efraimitiese weergawe brei die rol van Josua uit;
- Gedeeltes rondom die ark word bygevoeg;

- 'n Finale redaksie is deuteronomisties van aard, maar Maier laat ruimte vir verskeie glosse en ná-deuteronomistiese byvoegings.

Alhoewel Maier se studie dieselfde literêr-kritiese klem vertoon as sy tydgenote, is daar tog belangrike verskille in sy model:

- Maier verwerp die amfiktionie-hipotese en die rol van die ark by die sogenaamde sentrale heiligdom van Gilgal;
- Sy voorstel dat die ark eers deel van die latere redaksies uitmaak, is uniek.

Nogtans beklemtoon Maier die rol van etiologie en die feit dat Josua nié oorspronklik deel was van die verhaal nie. Hierdie opmerkings vorm myns insiens die leemtes in Maier se benadering.

3.2.2.2.6 R. Boling

Boling (1983:179-181) deel hoofstuk 3 en 4 in vier verskillende narratiewe op:

- Die Jordaandeurgang (3:1-16) omvat die eerste blok. Boling maak die afleiding uit vers 10 dat die verhaal oorspronklik uit 'n vroeë tydperk dateer, toe daar dele van die land aan die oostekant van die Jordaan ingeneem is;
- In die tweede blok trek die volk deur die Jordaan, terwyl die priesters nog in die rivier staan. Die 12 klippe in die heiligdom funksioneer as nagedagtenis van die Jordaanoorgang (3:17-4:8). Volgens Boling se model het die samevoeging van die eerste twee blokke 'n redaktor genoep om 'n verduideliking aan te bied (4:9) as 'n poging om die twee blokke te harmoniseer;
- 4:10-14 volg eintlik op die eerste blok (3:1-16). Die volk Israel voltooi die deurtog. Hoofstuk 4:14 (Josua se verhoging) sluit by hoofstuk 3:7 aan (belofte dat Josua verhoog sal word);
- 4:15-18 is deur 'n finale redaktor bygevoeg om die ark met die verbond te koppel.

Boling plaas die boek Josua in die raamwerk van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2 Kon). Hy voorsien egter twee redaksies: 'n vóór-eksiliese (Dtr¹) en 'n eksiliese (Dtr²) redaksie. Boling se model is dus gebaseer op 'n bepaalde

voorveronderstelling rondom die sogenaamde Deuteronomistiese Geskiedswerk (vgl 2.1.2.5).

3.2.2.2.7 M. Görg

Die boek Josua val volgens Görg (1991:5-6; 17-24) in 'n deuteronomistiese raamwerk. Hy identifiseer vóór-deuteronomistiese stof, deuteronomistiese redaksies en ná-deuteronomistiese redaksies in Josua 3 en 4. Dit word soos volg voorgestel:

- Die oorspronklike verhaal van die Jordaanoorgang: Jos 3:1, 5, 10, 11, 13-16. Görg identifiseer die kern van die verhaal in verse 14 en 16 (die natuurwonder);
- Deuteronomistiese kommentaar: Jos 3:2-4. In vers 6-8 is daar verdere deuteronomistiese kenmerke in die klem op die ark en die priesters, asook die simboliese drietal. In vers 9-13 is daar deuteronomistiese elemente wat aan die deuteronomistiese styl van vers 2-4 herinner;
- Ná-deuteronomistiese byvoegings: vers 4 (die afstand tussen die ark en die mense) en vers 12 (die oproep om 12 manne te kies) is volgens Görg voorbeelde van ná-deuteronomistiese byvoegings.

Die samestelling van hoofstuk 4 lyk soos volg:

- Vóór-deuteronomistiese verhaal: Jos 4:1-5, 8, 19, 20 (die opdrag aan die 12 manne en die oprigting van die klippe by Gilgal);
- Deuteronomistiese uitbreidings: Jos 4:6-7 (die verduideliking van die klippe aan die kinders), 10-14 (die Jordaandeurtog), 15-18 (die priesters wat die Jordaandeurtog voltooi en die waters wat na hul oorspronklike posisie terugkeer);
- Ná-deuteronomistiese uitbreidings: Jos 4:21-24 (die verduideliking van die klippe en die natuurwonder), 4:9 (die oprigting van die klippe in die Jordaan, 5:1 (die vrees wat Israel by die nasies ingeboesem het).

Görg maak 'n duidelike onderskeid tussen hoofstuk 3 en 4 en probeer nie om die deuteronomistiese redaksies verder te verklaar nie.

Alhoewel die Histories-Kritiese benadering van Görg sin maak, is die volgende opmerkings van belang:

- Josua 4:1-5, 8, 19, 20 hoort waarskynlik eerder in die konteks van 'n deuteronomisties of ná-deuteronomistiese redaksie (vgl 4.9).
- Josua 3:2-4 hoort myns insiens nie in 'n deuteronomistiese konteks soos Görg beweer nie, maar eerder in 'n Kronistiese raamwerk (vgl 4.5.2.5).
- Görg se model sluit in breë trekke by dié van Noth aan. Hierdie is nog 'n voorbeeld van hoe Noth se benadering Josua studies beïnvloed het.

3.2.2.2.8 V. Fritz

Die samestelling van hoofstuk 3 en 4 sien volgens Fritz (1994:46-56) soos volg daar uit:

- 'n Oorspronklike verhaal van die Jordaanoorgang (Jos 3:1, 14a, 15a, 16; 4:11a, 18, 19). Fritz ondersoek die moontlikhede dat die *Grundschrift* van Josua 1-12 deel van 'n groter (selfs Jahwistiese) landsveroweringsverhaal is, omdat die landsverowering in Josua maklik by Eksodus 3:8 of Numeri 13-14 kan aansluit. Hy vind egter dat verwysings van na die Rietsee (Jos 2:10; 4:23) deuteronomisties van aard is, en daarom sekondêr tot die oorspronklike verhaal funksioneer. Verder is daar nie verwysings na die persoon van Josua in die Jahwistiese verhaal nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die *Grundschrift* eerder in die raamwerk van die Deuteronomistiese Geskiedswerk pas, veral omdat die heilige oorlog-motiewe, wat in die boek Josua voorkom, deuteronomisties van aard is. Van die vroegste landsveroweringsverhale kan moontlik uit die tydperk van die vroeë koningskap dateer;¹⁵⁶
- 'n Deuteronomistiese redaksie (veral die verwysings na die ark) in Josua 3:10,1,13,14b,17; 4:9,10. Fritz plaas die ná-deuteronomistiese redaksie (RedP) in die konteks van die Smend-skool se DrtN (met die klem op die Wet) en dateer dit in die eksiliese of vroeë Persiese tyd;
- Narratief rondom die oprigting van die klippe: Jos 4:1-8, 2-23;

¹⁵⁶ Fritz is versigtig en selfs skepties om 'n vóór-deuteronomistiese verhaal te reskonstrueer. Hy skep egter die moontlikheid dat Jos 2:1-3; 4b,5-7, 15-17a, 18-19, 21-23; 8:10-12, 14-15, 19-21, 23, 29; 10:16-23a, 24-27, asook die lysie van stamgebiede tot 'n vóór-deuteronomistiese verhaal behoort.

- n Ná-priesterlike byvoeging: Jos 4:15-17. Die ná-priesterlike redaksie (RedP) kan nie vroeër as 5^{de} eeu vC dateer nie;
- Verdere redaksionele byvoegings: Jos 3:2-4, 5, 6, 7, 8, 9, 12, 15b; 4:11b, 12,13, 14,24.

Die volgende opmerkings is egter ter sake:

- Fritz se *Grundschrift* strek tot in Josua 4. In hierdie studie benader ek hoofstuk 4 eerder as 'n uitbreiding op hoofstuk 3;
- Die *Grundschrift* van Josua 3 en 4 hoort waarskynlik juis tot 'n breër (vóór-eksiliese) landsveroweringsverhaal. Fritz beskou die *Grundschrift* eerder in die raamwerk van die Deuteronomistiese Geskiedswerk;

Fritz se model sluit dus in breë trekke by dié van Noth se model aan.

3.2.2.2.9 K. Bieberstein

Bieberstein (1995:304-427) identifiseer die volgende redaksies in verband met Josua 3 en 4 (die redaksionele lae word in volgorde van oudste na die jongste snit aangedui).

A: *Grundschrift* (die Jordaanooorgang [Jos 3:1, 5, 10b-c, 13b-d, 16a-f]);

B: byvoeging wat sentreer rondom die priesters en die ark (Jos 3:6, 11, 14b);

C¹: Ragab-verhaal (Jos 2);

C²: redaksie wat rondom die 12 klippe in die Jordaan sentreer (Jos 3:7, 8,13a, 15; 4:1c-8a, 10a);

DtrA: deuteronomistiese snit wat die ampsoorhandiging van Moses na Josua bevat (Jos 3:2, 3, 4c-e);

DtrR: deuteronomistiese snit wat op die Oosjordanland-stamme fokus (Jos 4:12, 13);

Rp: priesterlike redaksie wat op die kultus en wetsonderhouding fokus (Jos 4:19-5:1);

Rä: priesterlike redaksie wat spesifiek op etiologie fokus (Jos 4:9);

Z: latere byvoegings wat moeilik is om te dateer (Jos 3:4ab, 9:a-c, 10d, 12, 16def, 17c; 4:1ab, 4, 8bcdef, 10bcde, 11ab).

Bieberstein se analise van Josua 1-6 sentreer rondom 11 redaksies. Volgens Knauf (2002:276) dui Bieberstein se versnippering van die teks op die swakpunt van redaksiekritiek. Alhoewel ek Bieberstein in hierdie studie as 'n gespreksgenoot

gebruik, wyk ek af van sy literêre snitte en fokus ek eerder op uitbreidings tot die *Grundschrift*.

3.2.2.2.10 R.D. Nelson

Nelson (1997:58) plaas die boek Josua in die breër raamwerk van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk met twee redaksies. In terme van Josua 3 en 4 identifiseer hy die volgende narratiewe:

- 'n Basisverhaal van die Jordaanorgang (3:1-17; 4:11-19). Nelson identifiseer die volgende verse as die kern van die verhaal: 3:1, 5, 11, 13-17. 'n Deuteronomistiese Geskiedskrywer is verantwoordelik vir die gedeeltes wat op die Levitiese priesters en die priesters fokus (3:3, 13, 14, 15, 17; 4:9, 10, 18). Hy verklaar die verwysings na die priesters in 3:8 en die uitdrukking “die ark van die verbond” (3:6, 8, 11, 14, 17), die 3 dae-kronologie, die “offisiere”, asook die lys van nasies (3:10) as verdere deuteronomistiese uitbreidings;
- Narratief van die klippe (4:1-10, 20-24).

Die Jordaan-narratief is volgens Nelson die primêre verhaal. Daarom kan die tweede narratief kan nie sonder die eerste sin maak nie. Hierdie twee narratiewe is deur vers 3:12 en 4:1 en herhalende motiewe soos !Der>Y:h; %AtB . (*middel van die Jordaan*), **trk** (*afsnj*) en **rb** [(*deurga*) met mekaar verbind.

Nelson se model is op die hipotese van 'n (myns insiens uitgediende) deurlopende Deuteronomistiese Geskiedswerk gebou. In hierdie verband is Nelson se model 'n uitbreiding op dié van Noth.

3.2.2.2.11 M. Van der Meer

Van der Meer (2004:152-153) identifiseer de volgende redaksies:

- 'n Deuteronomistiese weergawe van vóór-deuteronomistiese tradisies; (Jos 1:1-6:9, 10-18; 10:28-43; 11:16-20; 12:1-6; 14:6-15; 18:2-10?; 22:1-4, 6- 8);
- 'n Nomistiese redaksie van deuteronomistiese gedeeltes: (Jos 1:7-8; 13:2-6; 22:5; 23:1-16);

- `n Priesterlike redaksie;
(Jos 4:19; 7:1, 10-26; 9:14, 15b; 17:3-6; 18:1; 19:51; 20:1-3, 9; 21:1-42; 22:9-34; 24:33).

Van der Meer se benadering sluit aan by dié van Noth. Hy laat egter ruimte vir `n priesterlike redaksie. Hierdie benadering kom dus ooreen met die klassieke indeling van die boek Josua.

3.2.2.2.12 T.C. Römer

Römer (2007b:134) identifiseer die volgende redaksies in Josua 3-4:

- `n Deuteronomistiese weergawe van die Jordaanorgang wat uit die eksiliese tydperk dateer (3:2, 3-4, 6-7, 14-16; 4:10-14). Hierdie weergawe sluit by Josua 1:11 aan;
- Byvoegings in die Persiese tyd (Jos 3:11-12);
- Die oorblywende gedeeltes van Josua 3-4 sorteer onder `n priesterlike redaksie.

Römer brei nie verder uit nie, maar maak wel melding van die feit dat `n vóór-eksiliese landsveroweringsverhaal (Jos 5-12) moontlik as basis van die landsveroweringsverhaal in Josua 3-4 dien. Verder verwys Römer (2007b:180) na die feit dat Josua 3-4 saamgestel is uit deuteronomistiese en priesterlike terminologie, en dat dit onmoontlik is om die hoofstukke in detail te analiseer.

Römer is `n voorstaander van `n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2Kon) en daarom is sy interpretasie van Josua 3-4, hoofsaaklik vanuit `n deuteronomistiese hoek. Römer se genuanseerde benadering tot die Deuteronomistiese Geskiedswerk bied interessante moontlikhede.¹⁵⁷

¹⁵⁷ Römer (2005:43) laat ruimte vir `n oorspronklike weergawe van DG wat die boeke van Sam-Kon omvat het. Die doel van hierdie weergawe van DG was waarskynlik om Josia as `n ware navolger van Dawid te teken. Om Josia se uitbreidings na die noorde te legitimeer, het `n tweede weergawe van DG (Deut-Jos) ontstaan. Met hierdie benadering bring Römer `n kompromis tussen die verskillende interpretasies rondom die Deuteronomistiese Geskiedswerk.

Ek sluit aan by die skool wat juis die konsep van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk (Deut-2Kon) behou. Die klem op Josua as 'n spieëlbeeld van Josia is myns insiens egter oorbeklemtoon (vgl 2.2.3.1).

3.2.2.3 Gevolgteking

Alhoewel die Histories-Kritiese benadering interessante moontlikhede bied, bestaan die moontlikheid dat die teks totaal versnipper word. Die Histories-Kritiese invalshoek poog om die outeur(s) van die teks te rekonstrueer en só die betekenis van die teks te ontsluit. Hierdie tipe benadering is egter naïef. Die ontleding van die teks lei nié noodwendig tot 'n noukeurige rekonstruksie van die wêreld agter die teks nie. Myns insiens bied die Histories-Kritiese metode die beste oplossings vir die probleme en teenstrydighede in Josua 3 en 4.

In hierdie tesis poog ek om nié die teks te versnipper nie. Ek probeer egter om die teks “uitmekaar te haal”. Nogtans is ek oortuig dat hierdie metode die teenstrydighede in die teks kan verklaar. Ek sluit aan by die skool wat Josua 3 as 'n samevoeging van twee selfstandige narratiewe benader. Die klippe-verhaal in Josua 4 sluit myns insiens by die narratiewe in Josua 3 aan. Die finale vorm van die teks is eger ook belangrik. Ek is oortuig dat die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 in 'n bepaalde *genre* gegiet kan word. In hierdie studie fokus ek dus op die groei van die teks, maar ook op die gerekonstrueerde vorm van die teks, om sodoende die boodskap van Josua 3 en 4 te ontsluit.

3.2.3 Kulties-Historiese benadering

Gerard Von Rad (1938; 2005) verleen die impetus vir hierdie benadering tot die analise van Josua 3 en 4. Hy verbind die geskiedenis van Israel aan die kultus deur na belangrike feeste by Gilgal en Sigem te wys. Volgens Von Rad (2005:31-38) is die intog-tradisie by Gilgal oorgelewer, terwyl die uittog en die samehangende tradisies by Sigem oorgelewer is. Hierdie verhale is later van die kultus losgemaak en het 'n aaneenlopende narratief geword. Wildberger (1960) brei hierop uit deur die uittog en intog-verhale as narratiewe te bekou, teenoor die Sinai-perikoop wat die verbond beskryf. Hy stel die narratiewe en die kultiese gedeelte tenoor mekaar. Wijngaards

(1969) en Otto (1975)¹⁵⁸ sou weer aandui dat die Gilgal-tradisie eerder op die verbond dui.

Von Rad se navorsing het die weg vir Kraus se benadering gebaan. Volgens Kraus (1951:191-199) het daar 'n fees by Gilgal plaasgevind waar die uittog en die intog saam gevier is. Hierdie hipotese het die Josua-studies vir jare gedomineer. Verskeie navorsers het Von Rad en Kraus se hipotese uitgebrei. Herzberg (1959:31, 35, 44-45) meen dat 'n jaarlikse fees by Gilgal bestaan het. Dus vind verskillende narratiewe rondom die beweging van die ark tussen die verskillende heiligdomme agter die narratief van Josua 3-4 (van Sigem na Gilgal, en van daar na Silo). Soggin (1972:67) vind 'n kultiese *Sitz im Leben* agter die sogenaamde “kindervraag” in Josua 4:6-7, 20-23). Die “kindervraag” het volgens Soggin in die liturgie van die Gilgal-kultus ontstaan wanneer deelnemers aan die liturgie vir die priesters gevra het wat die klippe beteken. Vogt (1965:128-145) onderskei tussen 'n kultiese en historiese narratief in Josua 3 en 4. Die kultiese narratief sluit volgens Vogt oorspronklik die reis na die Jordaan in, terwyl die verwysing na Gilgal sekondêr is.

Wildberger (1960:40-73) identifiseer 'n uittog en landsverowerings-tradisie wat by Gilgal gevier is. Die *Massot*-fees is volgens Wildberger die *Sitz im Leben* van hierdie tradisie. Verder onderskei hy 'n Sinai-tradisie wat op die verbondsluiting fokus. Die *Sitz im Leben* van hierdie tradisie vind hy in die *Sukkot*-fees. Hierdie tradisies het later versmelt en die oorspronklike *Massot*-fees is eers in die ná-eksiliese tyd met die pasga-fees gekombineer.

Lohfink (1963:176-180) stuur die gesprek in 'n nuwe rigting deur Gilgal met die verbondsluiting eerder as met die uittog en landsverowering te verbind. Wijngaards (1969), Otto (1975) en Cross (1973) volg hom in hierdie verband, terwyl hulle op sy hipotese uitgebrei.

¹⁵⁸ Otto (1975) bou voort op die werk van Kraus (1951:191-199) en Soggin (1972:53ev). Hy verwerp enige aanvulingshipotese (waarvolgens daar 'n basisteks met uitbreidings bestaan) en identifiseer twee weergawes op grond van tradisie-historiese ondersoek. Hierdie weergawes koppel hy aan die Jahwis en die Deuteronomis (twee van die klassieke Pentateug-bronne). Op grond van die twee weergawes reconstrueer hy die fees van ongesuurde brood by Gilgal. Dertig jaar later pas Otto (2004:29) sy tese soos volg aan: die nié-deuteronomistiese gedeeltes in Josua is nié vóór-deuteronomisties nie, maar eerder ná-deuteronomistiese byvoegings. Verder pas die afgeronde deuteronomistiese gedeeltes eerder in die raamwerk van 'n deuteronomistiese Deuteronomium (DtrL)

- Wijngaards (1969) rekonstrueer 'n Sukkot-fees waar die Wet van oer-Deuteronomium gelees is. Die verbondsvernuwing vind egter by Sigem plaas. Dit is by Sigem waar die redding by die Rietsee (uittog-tradisie) met die Jordaan-deurgang (intog-tradisie) vermeng is. Eers in die tydperk ná Salomo het die fokus verskuif na die reis van Sittim na Gilgal. Sodoende val die klem op die pasga en *Massot*-feeste, terwyl die verbondsvernuwing op die agtergrond bly;
- Otto (1975) rekonstrueer deur middel van 'n literêr-kritiese benadering twee parallelle narratiewe. Hy sluit by Wildberger aan deur die pasga en *Massot*-feeste, tesame met die feeskalender, in die eksiliese of ná-eksiliese tyd te dateer;
- Cross (1973) vind in die uittog en intog-tradisies 'n oorspronklike nuwejaarsfees, wat rondom die verbondsluiting gesentreer het, en later eers met die pasga en *Massot*-feeste verbind is. Verskeie navorsers beklemtoon die hoofsaaklik kultiese karakter van Josua 1-6 (Miller & Tucker 1974:35, 43, 44, 55; Norin 1977:184, 192-194, 198; Thompson 1981:358; Boling & Wright 1982:153-215; Butler 1983:24-72; Gray 1986:66-84).

Alhoewel die Kulties-Historiese benadering die studie van die boek Josua radikaal beïnvloed het, is daar tog leemtes in hierdie benadering. Die rekonstruksie van 'n fees by Gilgal is moeilik bewysbaar. In die eerste plek is die lokalisasie van Gilgal onseker (Boling 1982:192). In die tweede plek het Gilgal nie 'n prominente rol in Israel se geskiedenis gespeel nie. Verwysings na Gilgal kom meestal in die verhale van Saul en Samuel voor (1 Sam 7:16; 10:8; 11:14-15; 13:4, 7, 8, 12, 15; 15:12, 21, 33). Verder is daar verwysings na Gilgal in Hosea 6:6 en die verhaal van Absalom se rebellie (2 Sam 19:16, 41), asook die Elia-verhaal (2 Kon 2:1; 4:38). Die verwysing na Gilgal in Deuteronomium 11:30 kom die konteks van 'n vae geografiese verwysingspunt voor (Boling 1982:192).

Die pasga-perikoop in Josua 5:10-12 vorm die kern van die Kulties-Historiese ondersoek in die boek Josua. Bieberstein (1995:70) meen dat Noth só vasberade

was om die rol van die Priesterskrif (P) in die boek Josua te ontken, en sodoende sy hipotese van 'n Deuteronomistiese Geskiedswerk te bevorder, dat hy Josua 10:12-15 vóór-eksilies gedateer het. Alhoewel Noth nie 'n Kulties-Historiese benadering voorstaan nie, maar eerder 'n etiologiese raamwerk vir Josua 5:1-12 voorsien, het sy datering van Josua 5:10-12 'n bepaalde invloed op die Kulties-Historiese benadering gehad. Josua 5:10-12 hoort waarskynlik eerder in 'n ná-eksiliese konteks, omdat die kombinerings van die pasga en Massot-feeste eers in die ná-eksiliese tyd neerslag gevind het (vgl 4.5.2.3.1).

Verder is dit moeilik om enige fees of etiologie rondom Gilgal te rekonstrueer. Ek is oortuig daarvan dat die sogenaamde etiologie verwysingspunte in die boek Josua (4:9; 5:9; 6:20; 7:26; 8:28-29; 9; 9:27; 10:16) eerder die ná-eksiliese situasie weerspieël (vgl 4.7.5.2). Om hierdie rede is Kraus (kulties-histories) en Noth (etiologie) se rekonstruksie van feeste by Gilgal moeilik bewysbaar.

3.2.4 Gevolgtrekking

Dit is oortuigend dat die Histories-Kritiese benadering die mees effektiewe manier is om Josua 3 en 4 te interpreteer. Selfs binne die raamwerk van die Historiese Kritiek is daar egter verskillende benaderings. Ek beskou Josua 3 en 4 as 'n basisteks met uitbreidings. Om hierdie rede is die doel van my eksegeese om die basisteks te identifiseer. Daarna sal ek die verskillende uitbreidings identifiseer en bespreek.

'n Literêre benadering bied myns insiens nie genoeg om die Josua 3 en 4 te interpreteer nie, omdat 'n literêre benadering 'n eenheidsteks impliseer. Die verskille en teenstrydighede in die teks is dan die gevolg van verskillende literêre tegnieke. Ek is nogtans oortuig dat die literêre benadering, veral met die klem op *close-reading*, 'n bepaalde bydrae maak tot die interpretasie van tekste. In die lig van Josua 3 en 4, en die bepaalde weersprekinge en teenstrydighede in die teks, is ek nie oortuig dat die literêre benadering genoeg oplossings bring nie.

Die Kulties-Historiese benadering het vir 'n geruime tyd die basis van Josua-studies gevorm. Noth se klem op etiologie en amfiktionie as basis van Josua 1-12, tesame met Kraus se Kulties-Historiese benadering, het Josua 1-12 in 'n bepaalde kultiese raamwerk geplaas. Verskillende navorsers het Kraus gevolg deur 'n oorspronklike

fees by Gilgal te rekonstrueer. Hierdie rekonstruksie is egter moeilik bewysbaar. Daar bestaan in die eerste plek onsekerheid oor die lokalisasie van Gilgal. In die tweede plek is Josua 10:12-15 (wat die kern van die Gilgal-kultus uitmaak) waarskynlik 'n ná-eksiliese teks (vgl 2.2.3). Om hierdie rede is dit moeilik om Josua 1-12 binne die raamwerk van 'n Kulties-Historiese benadering te verklaar.

Noth se kultiese benadering, met sy klem op etiologie en amfiktionie, is nie vandag 'n oortuigende hipotese nie. Die amfiktionie-hipotese verteenwoordig in alle waarskynlikheid eerder 'n ná-eksiliese konstruksie (vgl 2.2.1.1). Die rol van etiologie in die boek Josua is waarskynlik oorbeklemtoon. Sodoende impliseer etiologie waarskynlik 'n ná-eksiliese terugblik op Israel se geskiedenis (vgl 2.1.3.2).

In die lig van die bogenoemde bespreking vorm die Histories-Kritiese benadering die basis vir my studie van Josua 1-12. Nogtans is ek bewus dat die Histories-Kritiese benadering nie sonder leemtes is nie. So byvoorbeeld kan die bepaalde teks só versnipper raak dat die teks sy betekenis verloor. In hierdie studie gebruik ek 'n Histories-Kritiese eksegetiese benadering as 'n middel om die teks 'uitmekaar te haal'. Hierdie benadering kan myns insiens dien om die weersprekinge en teenstrydighede in die teks te verklaar. Nogtans vorm die 'aanmeekaarsit' ook 'n belangrike deel van hierdie studie. Ons het die gestolde teks van Josua 3 en 4 ontvang, en daarom is die studie van die gestolde teks belangrik. Ek probeer dus in die volgende hoofstuk nie net om die teks "uitmekaar te haal" nie, maar ook om die samestelling en waarde van die gerekonstrueerde teks van Josua 3 en 4 te beskryf.